

Afrikanerharte

M.M. Jansen



Die plasing van hierdie teks word moontlik gemaak deur die
vriendelike samewerking van die DRAMABIBLIOTEEK, Bloemfontein
(Library and Information Services MANGAUNG METRO MUNICIPALITY)

AFRIKANERHARTE

drama in drie bedrywe

– 1939 –

geskryf deur

M.M. JANSEN

Kontakpersoon vir opvoerrechte:

Teks op die oomblik nie te koop nie.

AKDA

Afrikaanse Kontemporêre Drama Argief
(akda.co.za)

leanawel4@gmail.com

AFRIKANERHARTE

DRAMA IN DRIE BEDRYWE

DEUR

M.M. JANSEN

NUWE EN VERBETERDE UITGAWE
VIERDE DRUK

Drukkers en Uitgewers:

VOORTREKKERPERS BEPERK,
Johannesburg en Pretoria

1939

OPDRAG

Aan die Afrikanerharte wat die swaar en die smart van die Engelse Oorlog deurgemaak het,
en aan die nagedagtenis van die manne en vroue wat van toe af in die graf lê.

PERSONE

1. KOOS SMIT: Welgestelde Vrystaatse boer, omtrent 45 jaar oud.
Lank en skraal met swart baard.
2. TANT LENIE SMIT: Sy vrou, middeljarig en geset van lyf.
3. GRIETA SMIT: Hul dogter, 18 jaar oud.
4. KOTIE SMIT: Hul seun, 20 jaar oud.
5. ANNIE BOSMAN: Weeskind en aangename dogter van oom Koos en Tant Lenie;
lewendig en grappig van geaardheid; 17 jaar oud.
6. PIET GUNTER: Kolonialer wat weiveld vir sy vee van oom Koos huur;
omtrent 24 jaar oud.
7. DANIE JOUBERT: Landdrosklerk; dorpenaar en windmakerig van voorkoms;
word later “National Scout”.
8. OOM GERRIE PIENAAR: Middeljarig, geset, wewenaar en distriksveldkornet.
9. LETTIE TRUTER: Oujongnooi.
10. TANT MINA SCHUMANN: Baie oud, kruppel, met kierie; ou tante van Lettie Truter.
11. JAN VERMEULEN: Ou tronkbewaarder.
12. FILANT: Ou Barolongman; getroue ou bediende van Koos Smit.
13. MIETA: Ou Barolongvrou, sy vrou.
14. SEPTEMBER: Swart “scout”.
15. 'n Paar Boerevrouens vir die kamptoneel: Bedryf II, Toneel IV.
16. Vier of vyf Engelse soldate, waarvan een 'n sersant is, en 'n paar “National Scouts”.
N.B. Eén van die soldate kan dien as oppasser in Toneel II van Bedryf II.
17. GREYLING: Klerk van Kommandant (ook “National Scout”).

Die tyd: Oktobermaand 1899. Die stuk speel dwarsdeur die hele Engelse Oorlog tot 'n jaar daarna.

Afrikanerharte

EERSTE BEDRYF

TONEEL I

(Laat in die middag).

(Eetkamer van Oom Koos Smit op 'n Vrystaatse plaas. Tafel in middel met naaiwerk en kouse daarop. 'n Paar riempiestoele en riempierusbank staan teen die mure. 'n Klein tafeltjie met ouderwetse koffiekan wat op tessie staan, koppies ens. staan eenkant. Deure links en regs. Vuurherd regs met klok op kaggel en venster in middel, regoor gehoor, met gordyne wat skuif. Annie is besig met koppies rangskik as skerm opgaan. Sy kyk kort-kort na die klok, loop dan na die venster, trek gordyn opsy en loer uit asof sy iemand verwag. Kyk weer na klok, kom terug na tafeltjie. Loer in beskuitblik. Hoor meteens iets, yl na venster. Glimlag; stryk haar hare reg, en trek aan klere asof sy haar wil netjies maak. Yl haastig na koffietafeltjie en hou haar onverskillig besig met beskuit uithaal wanneer Kotie Smit inkom. Sy maak of sy hom nie hoor nie).

KOTIE *(links van buite op. Gladde gesig, molvelbroek aan, blou hemp, moue opgerol, sweep in die hand. Gooi sy hoed en sweep op stoel neer en gaan sit met 'n sug op die rusbank):*
Soe, maar so'n son steek vandag. *(Trek sakdoek uit en vee voorhoof af).* Middag, Annie.

ANNIE *(kyk verbaasd om asof sy hom nou eers opmerk):* O, Kotie, is dit jy! Ek dag . . .

KOTIE: Dis Danie, nè, en daarom is jy so uitgedos in jou kisklere!

ANNIE: Natuurlik! Ek verwag hom nou enige oomblik. Dis mos Saterdag en hy kom mos elke week kuier, en . . .

KOTIE: Ja, omdat jy altyd so kant en klaar is om hom te ontvang en trakteer op koek en koffie – dis mos net die dorpsmeneertjies wat julle meisies teenswoordig oë en ore voor het.

ANNIE *(begin inskink):* Jy wil darem seker 'n koppie koffie hê, nie waar nie?

KOTIE: Asseblief. En maak gou dat ek kan wegkom voor daardie dorpsaap hier aankom.

ANNIE *(glimlag):* Skaam jou, Kotie! Maar sal jy nie 'n lekker stukkie vars koek neem nie?

KOTIE: Wat jy vir hom gebak het! Nee, dankie! Ek is 'n boer en ek eet beskuit. Hou maar jou soetgoed vir hom.

ANNIE: *(sit bord beskuit langs hom op rusbank neer, trek hom plaerig aan die oor):* O, Kotie, jou ou brompot! Jou ou jaloerse ding!

KOTIE *(stoot haar hand nukkerig weg):* Gaan vat maar aan sy oor – sy fyn, wit, sagte oortjie!

ANNIE: Laat staan tog vir arme Danie, Kotie.

KOTIE: Arme Danie! En wat van my! Jy kan die hele aand met daardie “Counter jumper” sit en ginnegaap, maar vir my, jou ou speelmaat, het jy geen tyd nie. Ek word altyd verstoot.

ANNIE (*sy het intussen die koppie koffie gaan haal wat sy hom nou aanbied*): “Counter jumper”! Hy is dan ’n landdrosklerk, en ek moet hom tog behoorlik onthaal as hy hier kom! Maar sê my, hoe verstoot ek jou?

KOTIE: Lag vir my, spot met my as ek van my liefde praat! Maar ’n growwe boer nè, met growwe maniere nè; nie die fyn, gladdehaar dorpsmeneertjie nie. (*Spring op, plak koppie op tafel neer en stap driftig na venster*).

ANNIE (*lag*): Ag, Kotie, ek kan dit nie help nie. Jy praat al van liefde van ek my verstand het – van ek só groot is (*wys met hand*). Dit lyk my die liefde groei op jou soos hare op ’n hond se rug! Dis elke dag byna net liefde, liefde. Bedoel jy dit nou regtig?

KOTIE: Ja, lag maar. Jy dink ek is nie ernstig nie omdat ek altyd daarvan praat. Maar kan ek anders as die liefde hierbinne my brand? Maar, Annie, (*ernstig, kom nader*) één ding sê ek nou, ek is al moeg om so aan die lyntjie gehou te word. Die een dag is jy vriendelik, die ander dag koud en ’n man kan dit nie verdra nie. Ek wil nou eenmaal ’n besliste antwoord hê. Annie, sê my, sal jy my trou, of nie?

ANNIE (*bietjie senuweeagtig, maar nog tergend*): Trou. Kotie, trou! My liewe Kotie, ek is nog maar net sewentien, en ek wil my tog nie nou al vasbind nie!

KOTIE: Ek sal vir jou wag, Annie, al is dit sewe jaar, solank as ek net weet . . . net jou woord het.

ANNIE (*ontwykend*): Maar hoekom drink jy nie jou koffie nie? Dit sal jou meer goed doen as om nou al aan trou te dink! Ek is nie alleen nog maar ’n kind nie, maar jy is ook maar skaars twintig, ’n pure snuiter, en kyk, daar is nag maar net donsies op jou gesig! Jy weet wet die spreekwoord sê: Trou is nie perdekoop nie! Nee, Kotie, wag eers totdat jy behoorlik baard het voor jy aan trou dink.

KOTIE (*voel onwillekeurig aan ken*): Ek is ’n man en weet wat ek wil hê. Al word ek honderd jaar oud, sal ek nooit anders voel as nou nie – sal ek altyd vir jou wil hê. Maar Annie, ek gaan nie heeldag agter jou aandrentel nie. Ek sê jou dis die laaste maal dat ek jou vra. Ek . . .

ANNIE: My liewe tyd, hoe ernstig is ons; maar kyk, jou koffie is heeltemal koud. Wag, laat my jou ’n ander koppie skink, dan sal jy netnou beter voel (*wil omdraai om te gaan inskink. Hy kom skielik vorentoe en gryp haar aan die arm*).

KOTIE: Maar, Annie, kan jy nie verstaan nie?

ANNIE: Arme ding, waar voel jy dit die meeste: in jou kop of . . . miskien in jou voete?

KOTIE: Waarom moet jy ’n mens so tempteer! Kan jy dan nooit ernstig wees nie! Jy weet ek het jou lief vandat jy hier in die huis as weeskind gekom het. Het jy dan nie ’n bietjie gevoel vir my ook nie – het jy nie ’n hart nie?

ANNIE: Ek het nog nie eintlik daarna gesoek nie . . . maar wag . . . moenie (*hy probeer haar soen*). Hier kom iemand aan. (*Sy spring weg*).

KOTIE: Dis seker daardie verbrande dorpenaar. Die son is nog nie eens onder nie, en wrintigwaar hier is hy. As ek nie nog sy speekbeentjies afslaan nie, dan weet ek nie.

ANNIE: Sjuut . . . Kotie!

(Daar word geklop aan die buitedeur, links. Sy maak oop . . . danig vriendelik).

ANNIE: O, middag, Danie, is dit jy? Jy is mos vroeg vandag.

DANIE: *(rybroek en kamaste aan, deftig. Het fyn snorretjie. Sien nie vir Kotie nie. Griet haar danig en hou haar hand styf vas).* Vroeg! Annie, die dae en ure was vir my soos 'n ewigheid, en ek kon die tyd nie meer afwag om na jou te kom nie. *(Deftig, asof hy 'n les opsê).* Soos die mot agter 'n vlammetjie, so trek my hart hierheen.

KOTIE *(spottend)*: Pasop, dat jou vlerke hier nie verskroei nes 'n mot s'n nie.

DANIE *(verleë)*: O – ek het jou nie gesien nie; middag, Kotie!

KOTIE *(groet hom styf)*: Middag. Jy praat mos so reg uit die boonste rakke, man. Maar julle dorpenaars is maar altyd so glad met die tong, nè.

ANNIE *(gou)*: Sit, Danie! Laat ek jou 'n koppie koffie gee.

(Kotie neem nou eers sy koffie en gaan sit op die rusbank).

DANIE: Dankie, Annie, dit sal lekker smaak na die lang rit te perd.

ANNIE *(gee koffie aan Danie)*: Hoe gaan dit nog op die dorp en met jou suster?

DANIE: Nee, goed. Sussie het groete gesê, Annie. Ag, maar dis lekker om weer 'n bietjie vars lug op die plaas te skep. *(Kyk skuins na Kotie).* Die lug is heerlik buite, Annie, sal ons nie gaan wandel en die pragtige sonsondergang bewonder nie?

ANNIE *(tergend)*: Ek sou jou liewers aanraai om môre vroeg die sonsopgang te gaan bekyk, want dit sien julle dorpenaars mos nooit nie.

DANIE *(lag)*: Ja, ek erken dit is nou eenmaal ons swakheid om smôrens 'n bietjie laat te slaap, maar, Annie, wat sê jy, laat ons 'n endjie gaan loop.

ANNIE: Ek kan nie nou nie, Danie. Hier is nog baie werkies om te doen. Maer hoekom loop jy nie saam met Kotie kraal-toe nie?

DANIE *(kortaf)*: Ek het vir jou kom kuier. *(Kyk na Kotie en sê bitsig)*: Hoe sit jy dan nou nog in die huis? Is jou werk buite dan al klaar?

KOTIE: Ek sit waar ek wil en wanneer ek wil. 'n Boer is mos sy eie baas. Dis net julle klerkies wat heeldag na ander mense se pype moet dans.

(Grieta van linksaf op).

GRIETA: Kotie, waar is jy? Pa wil jou dadelik daar by die kraal hê. O – goeimiddag, Danie, wanneer het jy dan gekom?

KOTIE (*staan onwillig op*): Wat die ongeluk is dit nou! (*Aflinks*).

DANIE: O, so heen-en-weertjies. Hoe gaan dit nog met jou, Grieta? (*Groet*).

GRIETA: Goed dankie, Danie. Maar julle moet my verskoon as ek gaan, want ek moet my hoenders gaan voer (*loop na die deur*); buitendien – ek hou nie daarvan om derdemannetjie te speel nie. (*Glip gou by deur uit*).

DANIE (*in sy skik*): A . . . Annie, het jy gehoor? Sy het reg – ek wil graag alleen met jou wees. Ek probeer al so lank om jou alleen te kan sien, maar dit lyk my soms of jy ekspres probeer om dit te verhinder. Annie, weet jy dan nie dat ek iets gewigtigs op my hart dra nie! 'n Liefde wat klop om . . .

ANNIE (*lag*): O, Danie, hoe loop julle mans altyd so oor van liefde!

DANIE: Wat die hart van vol is, moet die mond van oorloop. Ag, Annie, ek . . .

(*Mieta, swart vrou, kom by die deur regs in*).

MIETA: Nonna, ekke dekke die tafel nou.

DANIE (*vererg*): Die Josie haal die ou swart vrou. Annie, ons sal nie hier 'n kans kry om te praat nie. Kom ons gaan tuin-toe, die aandlug is so heerlik nou.

ANNIE (*geamuseerd*): Ek sit lekker hier, dankie; buitendien, ek moet 'n oog oor Mieta hou dat sy nie dalk die tafeldoek skeef oorgooi nie (*knik vir Mieta*).

MIETA: Hoor hoe lieg die Nonna.

ANNIE (*skerp*): Mieta!

DANIE (*ongeduldig*): Moenie nou hier lol nie, ou vrou, dis nog veels te vroeg om te eet.

MIETA (*verontwaardig*): Lol, lol! Wie hy lol, dis nie ekke nie (*gooi doek oor tafel, loop om en om en plooi regtrek*), dis die dorpsbasie wat lol hier heeldag by die Nonna. Maar dis verniet hy kom hier met die blink perd en die skoene wat kraak soos die skoene van 'n ryk hotnot sinne. Hy sal nie kry die Nonna nie, hy is my baas Kotie se Nonna.

ANNIE (*skerp*): Mieta, bly stil en gaan aan met jou werk.

DANIE: Hier, jou swart skepsel, gaan haal vir my 'n glas water.

MIETA (*gaan brom-brom uit*): Swart skepsel! Ekke swart skepsel . . .

DANIE (*angstig*): Annie, is dit waar, dat Kotie . . .

ANNIE: Luister jy na 'n swart vrou se praatjies?

(Mieta kom in met die glas water op 'n bordjie en bied dit hom aan).

DANIE (neem water, begin vinnig sluk): Annie, moenie met my speel nie. Gee my 'n kans om jou te vertel wat op my hart lê.

ANNIE: Aia, jy kan later kom dek. Loop nou maar eers.

MIETA: Pasop, my Nonna, jy moenie hierdie baas vatte nie. Hy is mooi by die mond, maar hierbinne (vat op haar hart) hy isse so swart nes ekke, die swart skepsel.

(Mieta af, regs).

ANNIE: Nou toe, Danie, miskien is dit beter dat jy nou maar uitpraat.

DANIE (nou verleë): Moenie so kwaai kyk nie, Annie. Ek, wou jou . . . maar net sê ek het jou lief (probeer haar hand vat). Annie . . . sal jy my die ja-woord gee?

ANNIE: Ek is jammer, Danie, ek het nie liefde om vir jou te gee nie. Jy het reg gehad. Ek wou jou nie graag alleen sien nie – ek wis wat jy wou sê. 'n Meisie weet altyd hoe 'n man teenoor haar voel en dis swaar vir haar om 'n man seer te maak. Danie, ons kan vriende wees, maar moenie weer van liefde met my praat nie.

DANIE (driftig): Vriende wees! Nie liefde nie! En jy was altyd so vriendelik? Jy het my aangelok – jy het my laat hoop!

ANNIE (koud): 'n Ware Adam, nè – altyd die skuld op die vrou gooi as jy in jou eiewaan vriendelikheid vir verliefdheid aangesien het.

DANIE: Ekskuus, Annie, maar die liefde maak 'n mens blind. Gee my tog net 'n kans om jou te wys wat my liefde kan doen. Ek is die landdros se hoofklerk – oor 'n paar jaar sal ek self landdros wees. 'n Mooi huis, posisie, geld, dit alles sal ek jou kan gee. Annie, jy is veels te skoon om jou lieflikheid op die droewige plaas en eensame veld te mors. Kom na die dorp weer daar lewe is, waar jy soos 'n sieraad kan pryk.

ANNIE: Ek is 'n boeredogter, Danie, 'n kind van die veld en die wye eensaamheid het ek lief. Geen stowwerige, woelige dorp vir my nie. Op die ope, wye vlaktes van my geliefde Vrystaat wil ek my lewe deurbring. Lewe! Julle dorpenaars weet nie wat lewe – ware lewe, is nie. Julle slyt die lewe tussen vier mure; mors jul kragte met kleinigheidjies en menslike beperkings.

DANIE: Maar, Annie, dink aan die gemak, die geriewe.

ANNIE: Jul siele verkrimp, jul oë word verblind vir die groot waarhede van die lewe. Lewe! Nee, ek sê weer julle dorpelinge weet nie wat lewe is nie. Filant, ons ou skaapwagter, weet meer van die lewe as julle, want hy asem die heerlike veldlug in en hou daaglikse gemeenskap met die groot skepping, met die dinge wat 'n mens se siel groot en ruim maak. Nee, Danie, posisie en geld trek my nie. Ek is tevrede met hierdie eenvoudige lewe – dis al wat ek wil hê. Moenie my weer vra nie, want nooit, nooit sal my antwoord anders wees nie. Ek kan jou nie trou nie.

DANIE: Annie . . . jy breek my hart. Ek sal nie sonder jou kan lewe nie.

ANNIE (*lag*): So sê alle mans maar. Ek het nog nooit gesien dat 'n man eintlik aan liefde doodgaan nie. Kyk vir Stoffel Uys. Hy het kliphard na Grieta gevry en toe sy hom nie wou hê nie, het hy net gedreig om te sterwe, en . . . binne twee maande was hy verloof aan Sannie en . . . heeltemal gelukkig.

DANIE: My liefde sit dieper as dit. (*Staan 'n rukkie stil*). Jy kan lag, jy kan spot – kan doen wat jy wil, maar nooit sal ek jou opgee nie. Aanhouer wen! Al verstoot jy my vandag, eendag sal ek jou kry So maklik, sê ek jou, raak jy nie ontslae van Danie Joubert nie.

ANNIE: Maar, Danie, kan jy nie verstaan nie, ek het . . .

DANIE (*nydig*): Ja, ek verstaan goed. Die ou swart vrou was reg – dis Kotie, nè, maar ek laat nie my hand deur 'n boer in die as slaan nie.

ANNIE (*vinnig*): Nee, nee, Danie. Dit is nie so nie – ek sê jou dis verkeerd. Daar is niks tussen ons nie, niks.

DANIE: O ja . . . maar ek het oë . . . hoekom bewe jy . . . (*Deur, regs, gaan oop en tant Lenie kom in, met kappie op wat sy besig is pm los te maak. Haal dit af. Haar hare is grys op die slape*).

TANT LENIE: Middag, Danie. (*Hulle groet. Danie is oorbodig vriendelik in sy gebare*).

DANIE: Middag, Tante, hoe gaan dit nog?

TANTE: Dit help tog nie om te kla nie, Danie. Net 'n boerevrou se lewe is maar swaar. Ek sê heeldag vir Annie sy moet maar liewers 'n dorpenaar trou. Daar kry die vrouens mos lekker . . . brood, vleis, botter, alles word sommer klaar by die winkel gekoop; maar op die plaas moet die vrou vir alles self sorg.

ANNIE: Maar, Tante . . .

DANIE (*bly*): Dis net wat ek vir Annie nou gesê het. Tante, sy kan 'n gemaklike lewe op die dorp hê.

TANTE (*kyk skelm na Annie, en loop na venster en kyk uit*): My allawêreld, daar is die varke alweer in my blomtuin, en daar staan die tuinhekkie ook wawyd oop. Netnou gaan hulle in en vrotel al my groente uit. Dis alweer die ou swart vrou se werk. Dis waar, 'n mens kan tog nooit op die swartgoed vertrou nie. (*Roep luid uit*) Mieta . . . Mieta.

ANNIE: Wag maar, Tante, ek sal haar gaan roep.

DANIE (*vinnig*): Ek gaan saam hoor, dan gaan ons ook sommer 'n bietjie buite rondloop.

(*Albei links af.*)

MIETA (*kom by deur in*): Ounooi hette my geroep?

TANTE: Gaan ja gou die varke uit die blomtuin en maak die tuinhek toe. Waarom kan jy nie leer om 'n hek aster jou toe te maak nie?

MIETA: Dis nie ekke nie, my Nooi, wat hom oop gelaat staan het.

TANTE: Moenie weer stry nie. Jy was netnou in die tuin gewees

MIETA: Almiskie, Ounooi. Ek hette hom toegemaak. Dis nonna Grieta en daardie lang baas. Ek hette hulle gesien . . . nou, nou – hulle hette geloop daar by die tuin.

TANTE (*skerp*): Watter baas?

MIETA: Die witkopbaas wat hette die haar soos die doodgerypte gras.

TANTE: Baas Piet? Hy is mos nie hier nie. Hy het dan vanmôre weggery na sy skape toe.

MIETA (*lag*): Almiskie, my Nooi, hy isse nou daar by die tuin saam met die Nonna. Die liefde hier by die hart is soos die kanker, hy vrete, vrete. Daardie basie hette nie rus nie. Kort-kort hy kom weer terug om te sien die Nonna. En die Nonna isse bly, hy wil hom hê. Hy hette hom lief, daarom hy vergeet om die hek toe te maak.

TANTE: Loop, Mieta, jy praat sommer bog.

(*Mieta, lag-lag af*).

(*Tante gaan sit by tafel, tel naaldwerk op. Frons asof sy vererg is oor iets. Oom Koos kom regs in*).

OOM KOOS (*skraal met lang baard, effentjies grys. Hy haal hoed af, sit dit op die tafel neer, en vee gesig met 'n sakdoek af. Loop na rusbank, trek pyp uit en begin te stop*): Vrou, die landerye is mooi vanjaar! Dis eintlik 'n plesier vir jou hart om sulke mooi koring te sien. As daar geen teenspoed kom nie, dan sal ons 'n pragtige oes vanjaar hê.

TANTE: As is verbrande hout! Sê liewers as Pienaar se beeste nie weer in die lande kom en alles vertrap en opvreet soos verlede jaar nie.

OOM: Soetjies oor die klippe, Vrou! Dit was nie so erg nie. (*Rook*). Vanmôre was daar alweer 'n paar koeie in, maar ek het hulle gelukkig gou gesien, en . . .

TANTE (*kwaad*): Nou sien jy, dan sê jy nog ek moet stilbly. Dis 'n skande, Koos, 'n skandaal! Waarom kan hy nie sorg vir sy goed nie en keer dat hulle nie heeldag hierheen wegloop nie! As ons ons vee ken oppas, kan hy dit ook doen; maar nee, sy vee moet vet word op ons gesaaides. Nee, Koos, wet ek sê en jou aldag sê, is dat jy sy vee moet skut – dan sal hy leer om sy oog oor sy goed te hou.

OOM: Moenie so warm word nie, Vrou. Dink nou net: ons leef as bure nou in vrede, en so-iets soos daardie sal net kwaai bloed set.

TANTE: Nee. Koos, jy is veels te sag vir 'n boer! Jy werk van die môre tot die aand – jy maak jou kapot en dan sit jy doodstil as jou buurman se vee jou verrinneer.

OOM: Ek ly liewers skade aan wêreldsgoed as om twis en tweedrag te verwek.

TANTE: Wei. hy soek daarna. Hy meet 'n les leer.

(*Mieta regs op*).

MIETA (*dra 'n brief in die hand*): Hier is 'n brief my Baas, die swartgoed daar van die dorrop by hette hom gebring.

OOM (*skeur oop, lees, en roep verbaasd uit*): My mastig, Vrou!

TANTE (*angstig*): Koos, wat is dit?

OOM: Het jy ooit sowat in jou lewe gesien?

TANTE (*ongeduldig*): Maar wat is dit dan?

OOM (*lees weer*): Nou praat ek geen woord meer nie. Dis waar wat die Bybel sê: “Haal eers die balk uit jou eie oog voor...”

TANTE: Meer praat dan, Koos!

OOM: Pienaar het mooi twintig van ons beeste skut toe gestuur. Dis 'n brief van Gert Fourie, die skutmeester, op die dorp. Hy sê my beeste is daar. Nou sal ek 'n pond moet betaal om hulle te los. (*Begin te lag*). Maar dis 'n grap, hoor... hier sit ons en spog dat ons vee Pienaar nie pla nie, en al die tyd...

TANTE (*kwaai*): Grap... grap! 'n Skandaal, ja, so 'n lae, gemene vent. Ek het mos gesê jy is te sag vir hom.

OOM (*staan op*): Wel, ek sal maar vir Filant stuur met die geld om hulle te los, en Vrou, net die eerste kontant geldjies wat ek nou in hande kry, sal ek gebruik om daardie oop stukkie grond tussen my en Pienaar toe te maak.

TANTE: Jy kon dit lank al gedoen het, as jy nie alweer gaan grond koop het vir al ons kontant nie.

OOM: Ja, maar jy weet tog... daardie lappie was goedkoop en ek het die kontant gehad... en, jy weet mos ek werk net met kontant. So het ons stukkie vir stukkie ons plaas gekoop, ons huis gebou, ons landerye omhein, ons vee gekoop en, dank God, ons het vandag geen pennie skuld nie.

TANTE: En hou tog nou op om meer grond te koop, dat ons tog 'n bietjie kontant kan bymekaar maak.

OOM: Dit belowe ek jou – nie meer grond nou nie. Ek wou maar net vir die kinders sorg – Annie ook, dat sy ook 'n stukkie grond kry. Maar nou het ek genoeg en as daar niks gebeur nie, ken ons nou al ons kontant spaar.

TANTE (*nog kwaad*): Ja, en nou sommer 'n pond in die water smyt. Byna my hele week se bottergeld. Sy beeste pla ons al vir jare en ons sê niks nie... en net die eerste keer dat ons s'n daar kom...

OOM: Toe maar, Vrou... 'n pond sal ons darem nie bankrot maak nie.

TANTE: So 'n vent!

(*Oom links af. Grieta kom regs op*).

GRIETA: Ma ... (*kyk rond*) waar is Pa? Piet sê ons beeste is in die skut.

TANTE: So? En waar kom jy vandaan dat jou gesig so rooi is?

GRIETA: Uit die tuin, Ma.

TANTE: En wat maak jy hierdie tyd van die aand daar alleen. Jy weet ek wil nie hê julle meisies moet in die tuin alleen rondloop nie as dit so laat word.

GRIETA (*skamerig*): Ek was nie alleen nie, Ma. Piet was ...

TANTE: O, so ... julle is dik vriende, nè. Loop sê vir Gunter jou pa wil hom sien.

GRIETA (*loop senuweeagtig rond*): Ja, Ma ... hy ... wil ook graag met pa oor iets praat. (*Grieta links af*).

TANTE: Hm ... (*sug en kyk peinsend voor haar uit*).

(*Oom links op*).

TANTE: Koos, jy is 'n skilpad! 'n Blindemol Jy laat Pienaar jou fop, en die Kolonialer jou dogter onder jou oë steel.

OOM: Wat! Piet en Grieta! ...

TANTE: Piet Gunter vry kliphard na Grieta. Plaas dat jy hom lankal in die pad gestee het!

OOM: Vry is nog nie kry nie, Vrou!

TANTE: Grootpraat help nie. Jy weet goed as vryery al te ver gevorder het, help stokkie voorsteek niks nie!

OOM: Grieta is darem 'n mooi dogter ... ek kan goed verstaan dat hy sin in haar het.

TANTE: Moenie onsin praat nie, Koos. Hoekom het jy nie daaraan gedink nie voor jy die vreemdeling hier laat kom het? Sy is nog 'n pure kind, Koos, en ons enigste dogter. Ons weet niks van hom af nie. Hy is nog net drie maande hier. Sê nou hulle trou. den moet sy daar ver weg in die Kolonie gaan bly – maar hy het al met haar gepraat en sy het ook sin in hom.

OOM: Hoe weet jy?

TANTE: Ek weet mos ... kan dit in haar oë sien. Hy kom netnou alreeds met jou praat.

OOM (*sug*): Ja ... dis waar, Vrou. Dis jammer. Ek sou lievers sien dat sy een van ons eie mense, 'n flukse Vrystater, trou, maar as sy van hom hou ... is dit verniet om nou te praat. 'n Mens kan nie liefde keer nie! Jy weet mos, Vrou, hoe dit ook met ons gegaan het ... dit spring sommer op in jou hart soos 'n blommetjie wat bloei ...

(*Hy probeer haar hand vat – sy trek weg*).

TANTE: Ag, tog! Met Grieta is dit anders . . . waarvoor wil sy nou al trou? Ek wil haar nie nou al afgee nie.

OOM: Piet lyk darem 'n goeie kêrel, Vrou. 'n Bietjie windmakerig, maar sy hart sit op die regte plek, en . . .

PIET (*links op. Hy is van die soort wat moeilik kan stilsit. Het 'n kort swepie in die hand waarmee hy tik-tik aan alles*): Het Oom my geroep?

OOM: Ek het gehoor jy wil met my praat . . . sit kêrel, en moenie so rondtrap nie.

PIET (*gaan sit maar bly rondskuif*): Ja, Oom, ek . . . wou vra . . . het Oom gehoor die beeste is in die skut?

OOM: Ja, so 'n vabondse Pienaar, om my so 'n poets te bank. Waar het jy dit gehoor?

PIET: Ek het sy beeste, toe ek terugkom, hier onder by ons land gekry. Toe het ek hulle sommer na hom teruggeneem en hom vertel hoe hulle ons versondig. Hy was verbaas om te hoor dat sy goed hier pla en toe vertel hy my dat hy ons beeste geskut het.

TANTE: En het hy hom nie geskaam nie?

PIET: Tante, hy sê hy kon dit nie meer uithou nie. Ons vee is elke nag in sy lande. Hulle vlieg soos velle oor sy mure en drade en roei hom uit.

TANTE: Dit glo ek nie!

(*Daar is 'n rukkie stilte*).

OOM (*kyk na Piet*): Is dit nou al?

PIET: Nee, Oom, . . . daar is nog iets, ek wou met Oom en Tante praat . . . ek . . . ek.

OOM: Piet is dit jou skape? As hulle brandsiekte het, moet jy trap van my plaas!

PIET: Nee, Oom, dis nie die skape nie . . . hulle is nog silwerskoon . . . Oom . . . Tante . . . ek wou iets vra, 'n groot iets . . . ek . . . ek.

OOM: Hoe lyk dit vir my of jy op spelde sit, Piet? Praat, kêrel, wat is dit wat in jou keel vassteek?

PIET: Oom . . . ek . . . wil Grieta hê?

OOM: Só!

PIET: Ja, Oom . . . ek weet ek vra 'n groot ding, maar ek wil met haar trou, Oom.

TANTE: Onmoontlik, Piet . . . Sy is nog 'n kind.

OOM (*ernstig*): Trou, Piet, is 'n ernstige woord. En as 'n man die dag van trou praat, moet hy iets hê. Wat het jy om mee te trou?

PIET: Nie veel nie, Oom, net my skape.

OOM: Seshonderd skape, Piet, is wel 'n begin, maar wat van grond . . . 'n plaas? 'n Getroude man kan nie swerf nie.

PIET: Oom, ek weet ek is maar 'n arm man, maar ek is jonk en begin nog die lewe. Ek is sterk en kan werk, en as ek haar aan my sy het, sal ek die hele wêreld kan verower!

OOM: So praat ons almal as ons jonk is, Piet, maar die wêreld is hard en dis gewoonlik hy wat ons baasraak! Armoede is 'n bittere ding en as hy begin te knyp, het hy geen genade nie. Piet, ek het 'n swaar stryd gehad om my kop bo water te hou, en ek weet wat dit is. Ek wil nie hê my kind moet deurmaak wat ons deurgegaan het nie.

PIET: Oom, ek het haar lief. Ek vra nie om nou te trou nie. Ek vra net vir die reg om aan haar verloof te raak.

OOM (*swyg 'n rukkie*): Piet, ek het net die een dogter . . . ek het swaar vir haar en my gesin gewerk. Kyk hoe sit die eelde aan my hande. Kyk hoe grys is my kop soos ek geswoeg het vir hulle. Noudat sy groot is, kom 'n vreemde kêrel haar afneem. Piet, ek weet niks van jou af nie, niks van jou familie nie! Al wat ek van jou weet is dat jy nou drie maande hier onder my dak is en dat jy veld hier vir jou skape huur. Dink jy dis maklik om sommer 'n mens se kind so af te gee?

PIET (*kyk op vloer*): Ja, Oom, ek verstaan . . . en tog . . .

OOM: Ja, Piet, maar ek weet ook wat liefde is; ek was ook jonk gewees. Maar ek weet ook dat 'n goeie vrou opoffering werd is. Piet, jy het jou sover goed gedra en ek kan niks teen jou sê nie. Maar . . . Vrou, gaan roep vir Grieta.

(*Tante af en kom terug met Grieta*).

OOM: Grieta, my kind, hierdie man kom my om jou hand vra, wat sê jy?

GRIETA (*skaam*): Pa, ek . . . ek . . . weet . . . ek het ja gesê.

OOM: Nou ja, my kind, as dinge so staan, sal ek dit nie keer nie. Maar julle is nog albei jonk. Jy is agtien, hy nou eers mondig en 'n bietjie wag sal julle nie kwaad doen nie. My antwoord is dit, Piet . . . oor 'n jaar, as alles goed gaan en ek is nog net so tevrede met jou as nou, kan jy my weer kom vra. Maar voor dit, geen verlowing of vryery nie!

PIET: Dankie, Oom, maar dis swaar om so te wag . . . kan ons nie net verloof wees . . .

GRIETA: 'n Jaar, Pa!

OOM (*straf*): Ja, geen woord nou meer nie, hoor!

(*Hulle kyk vir mekaar en gaan uit*).

OOM: Vrou, waarom dan so stil?

TANTE: Koos, ek voel nou sommer meteens oud. My Grietjie . . . my jongste al amper 'n bruid. En dit lyk soos gister dat ek self een was.

OOM: Ja, Vrou, so vang die ouderdom 'n mens. Toe ons getrou het, het ons nie daaraan gedink nie dat die dag so gou sal kom dat ons ook sal moet afgee.

TANTE: Die dag toe ons getrou het, het my moeder geweene en ek was verwonder dat sy trane stort as my hart so bly is. Maar nou weet ek waarom sy gehuil het . . . 'n moeder gee swaar af! Ag, Koos, die wêreld is hard. Jy swoeg en sukkel om jou kinders groot te maak en as jy die dag oud is, as jy hulle nodig het, gaan hulle weg en bly jy op jou oudag verlate en alleen agter. (*Vee oë af*).

OOM (*vat haar hand*): Nie alleen nie, Vrou. Ons het nog vir mekaar.

(*Daar kom meteens die klank van stemme van agter die skerm en by die deur, links, kom, blykbaar opgewonde, Annie, Danie, Kotie en oom Gerrie in*).

ANNIE (*haastig*): Tante, Oom, oom Gerrie is hier en hy sê oorlog kom.

TANTE: Oorlog!

OOM GERRIE (*kort, met magie*): Dag Oom, dag Tante. Ja, Tante, ek sê nou net aan die seuns hulle moet nou alle muisneste laat vaar en die mausers uithaal, die perde roskam en die saals blink maak, want die oorlog kom.

DANIE: Oorlog! Maar wat het ons daarmee te doen?

OOM GERRIE: Die spaanders gaan een van die dae spat, man. Die Engelse pak soos donker wolke op Transvaal se grense bymekaar en hulle weier om terug te trek. Hoor wat ek sê. Oom Paul is nie die man om sulke dinge toe te laat nie. Hy sal oorlog verklaar en dan is ons ook in die ding.

DANIE: Ek sien nie waarom ons Vrystaters ons met hulle oorlog moet bemoei nie.

KOTIE: Man, die Transvalers is ons eie vlees en bloed, dink jy ons kan hulle in die steek laat!

OOM KOOS: Buitendien, dink jy die Rooies sal ons ooit alleen laat as hulle eers met die Transvaal besig is? Al wat hulle soek is tog maar die Boer se land.

KOTIE: Daar is net één eerlike weg vir ons . . . ons sal moet saamveg, en my hande jeuk al vir die geweer.

OOM GERRIE: Ja, man, jy praat so reg na my hart . . . ek staan al kant en klaar om te skiet.

ANNIE (*slaan hande inmekaar*): Oorlog, oorlog, o, hoe vreeslik!

TANTE (*treurig*): Oorlog . . . mag God ons behoed!

SKERM VAL

TONEEL II

(Dieselfde, 'n paar dae later).

(Grieta sit by die tafel, treurig; elmboog op die tafel, en kop op die palm van haar hand. Naaldwerk lê voor haar op die tafel).

ANNIE (kom haastig by die deur in): My allawêreld, Grieta, sit jy nog hier, en op dieselfde plek! Jy verander nog een van die dae in 'n soutpilaar, nes Lot se vrou, as jy nie oppas nie. (Tel naaldwerk van die tafel of op). My liewe tyd, Grieta, jy het geen steek verder gewerk nie! Wat het jy al die tyd gedoen? Ek was 'n hele uur weg -vir Oom koffie weggeneem daar- onder by die landerye en ek is alweer terug, en hier sit jy nog al die tyd op dieselfde plek!

GRIETA: Ek het gedink, Annie.

ANNIE: Gedink! (Lag). Wat jy gedink het, kan ek jou in één woord sê, Grieta . . . P-i-e-t - Piet! Maar kom nou, ou sussie, ons gaan wandel. Daar is 'n heerlike luggie buite wat gou-gou al daardie kommergedagtes sal wegwaai. Dis al die gedink en huissittery wat 'n mens laat vermuf en vol draadwerk maak.

GRIETA (sug): Ek het tog nie lus nie. Annie.

ANNIE (tergend): A! Maar jy weet nie wie daarbuite is nie. Ek staan in die rondawel met my kappie op, en hy dink dis jy en hy wou net aan my hand vat (lag). Maar het meneertjie nie geskrik nie toe hy sy fout agterkom!

GRIETA (lewendig): Piet, is hy al terug van die dorp af?

ANNIE: Wie het gesê dis Piet! Dis Jan Hatting wat na jou soek.

GRIETA (vies): Daardie voorbarige vent! Annie, waarom moet jy my so pla! Ek is ongelukkig! Pa en Ma maak darem nie reg om so 'n straf op Piet en my te lê nie. Watter kwaad is daar dan in 'n verlowing?

ANNIE: Hulle het seker hul redes, Grieta.

GRIETA: Ek verstaan dit nie. Ouers is so snaaks. Hulle was tog self eenmaal jonk; hulle het ook gevry en getrou, en tog, as hul kinders van trou praat dan sou 'n mens sê dis die eerste maal in hul lewe dat hulle van so 'n ding as trou hoor! Kyk nou vir Ma. Sy sê ek is 'n kind, ek is te jonk, en sy vergeet dat toe sy agtien jaar oud was, was sy al getroud!

ANNIE: Weet jy wat dink ek?

GRIETA: Wat?

ANNIE: Ouers is so huiwerig om hul toestemming te gee omdat hulle weet trou is nie so 'n paradys nie as wat 'n jong mens dink! Nee, Grieta, hoor wat ek jou sê: Waardeer jou vryheid solank as jy dit het. Trou, ou sussie, is nes 'n groot, diep, ou put vol donker water en die mense wat trou is die paddatjies wat bo om die rand sit. Een na die ander spring in, maar glo my, nie één kom daar weer uit om te vertel hoe dit daaronder lyk nie.

GRIETA: Ja, en dié wat nie inspring nie, verdroog en vergaan van dors op die rand.

ANNIE (*lag*): Wil jy glo – daaraan het ek nooit gedink nie! Maar Grieta, dis nie my skuld nie dat ek so skrikkerig is vir daardie put nie. Al die verliefdes om my lyk tog so oes! Ek het altyd gedink liefde maak 'n mens opgeruimd en vrolik – dat jy trippel en sing soos 'n voëltjie, maar nee, nou sien ek dis juis net andersom. Kyk, Danie is hier weg met 'n gesig so lank soos hierdie tafel; Piet lyk of die kraaie sy kos afgeneem het; Jan Hatting trap daarbuite soos 'n kwaai wildebees rond, en jy sit hier en sug asof jy besig is om jou laaste asem uit te blaas.

GRIETA: Maar Annie, hoe kan 'n mens vrolik wees as jou hart seer is? 'n Hele jaar moet ons wag en as dit verby is sal daar wel weer 'n ander draai kom, want dit lyk my Ma hou tog nie van Piet nie, net omdat hy 'n Kolonialer is!

ANNIE: 'n Jaar, Grieta, wat is dit vir 'n jongmens? Net 'n oogknip, dan is dit verby. En as ek jy was, sou ek liewers dans van blydschap dat ek nog 'n bietjie asemhaal-tyd het. As jy trou, ou sus, is jy klaar op die rak, en vas. So vas as 'n ou paal wat jy in die grond geplant het. En dis net skrop en kouse stop van die môre tot die aand. Maar, ou sus, jy moet onthou dis 'n goeie toets vir 'n man so liefde. As hy jou werklik lief het, sal hy wag al is dit twintig jaar. Kyk dan ou Jakob het 14 jaar vir Rachel gewerk.

GRIETA: Ek weet. Annie, maar my hart . . .

ANNIE: Jou hart, ou sussie, moet jy diep begrawe. Dit moet beitels en harde slae kos om hom te bereik, anders spot die wêreld net met sy swak plekke. As hy sommer so bo-op en oop lê, val en struikel elke rondloper daaroor, tel dit miskien op, speel daarmee en smyt dit weer weg. Nee, Grieta, steek hom weg, diep, diep weg, dan bly hy heel en skoon.

GRIETA: 'n Mens praat maklik as hy nie self in die moeilikheid is nie! Hart? Jy het geen hart nie, of anders begrawe jy hom so diep dat niemand hom ooit sal kan vind nie.

ANNIE: O ja, ek het 'n hart. 'n Ou groot, lelike. Partykeer in die nag haal ek hom uit en bekyk hom so 'n bietjie, maar hy is so skurf dat ek hom sommer gou-gou weer wegsteek. Maar kyk, ou sussie (*gaan sit op die leuning van haar stoel en lê 'n hand op haar skouer*), sê jy my tog mooi hoe voel dit om verlief te wees. Danie sê die liefde byt nes 'n knyptang wat jou hart pers, en . . .

GRIETA (*glimlag*): Arme Danie! Dis seker omdat jy hom so tempteer. Jy weet, Annie, jy maak darem nie mooi nie, selfs oom Gerrie hou jy ook aan 'n lyntjie.

ANNIE (*lag*): Jy kan nie weet nie, dalk maak die ou wewenaar dit nog. 'n Tweede vrou het mos 'n heerlike tyd. Sy lewe rojaal met die geld wat die eerste een bymekaar gemaak het.

GRIETA: O, Annie, jy is tog 'n maltrap! Maar sê my wat het jy vir Kotie gedoen – hoekom is hy so stil? En ek let op hy praat glad nie met jou nie.

ANNIE (*onverskillig*): O, ek het hom so 'n bietjie geterg en nou lyk hy kwaad. Maar, hy sal wel weer vriendelik word.

GRIETA: Wel, pasop, eendag gaan jy dalk te ver.

ANNIE (*ernstig*): Grieta, ek hou my vrolik maar my hart voel bang, daar is 'n donker wolk oor ons land. Oorlog. Ek word benoud as ek die woord hoor. Oom praat van oorlog, Kotie praat van oorlog en Tante se gesig is treurig. O, Grieta, wat staan ons voor die deur, en waarom moet ons oorlog maak?

GRIETA: Dink jy daar kom regtig oorlog?

ANNIE: Ek weet nie, maar almal praat daarvan. Maar, Grieta, ons ou volkie het al so swaar gekry, en nou dat ons in vrede lewe, moet daar oorlog kom! Ons vra nie vir oorlog nie, ons hinder niemand nie – ons woon stil en rustig op ons plase in ons geliefde ou Vrystaat, en dis trouens al wat ons as 'n volk verlang, en waarom moet daar nou weer stryd kom?

(*Daar word aan die buitedeur geklop, links*).

GRIETA: Wie, kan dit wees? (*Sy hardloop na die venster en loer uit*). O, dis jou ou wewenaartjie, Annie.

ANNIE: Wie? Oom Gerrie?

GRIETA: Ja, daar is sy perd.

ANNIE (*lag skelmpies, yl na die deur. Daar word weer geklop. Sy roep luid uit*): Kom in as jy maer is, bly buite as jy vet is!

GRIETA: Maar, Annie!

(*Die deur gaan oop en oom Gerrie kom in*).

OOM GERRIE: Dis alweer jy, nè. Middag, Annie; middag, Grieta.

ANNE: Middag, Oom; ek het gesê as jy maer is, Oom.

OOM GERRIE: Dink jy dan ek is vet! (*Stryk sy magie*). Ek is so maer, jy kan my deur 'n sleutelgat trek. Maar, Annie, kind, vandag is daar nie tyd vir gekseer nie. Ek bring slegte nuus; waar is jou Oom en Kotie?

ANNIE (*angstig, gryp sy arm*): O, Oom, wat is dit?

OOM GERRIE: Dis oorlog, kind, en ek kom om op te kommandeer.

GRIETA: O, Oom!

ANNIE: Dan het dit gekom!

OOM GERRIE: Ja, en wat die end sal wees, weet God alleen.

ANNIE: Jy het verlang na oorlog, Oom, waarom lyk jy dan nou so droewig?

OOM GERRIE: 'n Mens praat groot as dit ver weg is, maar as oorlog werklik kom, is dit 'n ramp. Dis 'n bittere werk, kind, om die mans so van hul vrouens weg te roep. Maar dis nie vir ons mans wat ek vandag jammer kry nie, maar vir die vroue. Die arme boerevroue! Hulle moet maar altyd die spit van die oorlog afbyt.

ANNIE: Ag, Oom, sê my waarom moet daar oorlog wees? Ons is 'n vredsamese nasie, waarom moet ons gaan bloed stort?

OOM GERRIE: Ons gaan veg omdat die Transvaal in die moeilikheid is.

ANNIE: Maar waarom moet hulle dan veg? Ons godsdiens leer ons dat ons nie mag doodslaan nie, is dit dan reg om mekaar daar op die slagveld sommer so by die honderde dood te maak? Mense wat jou nie kwaad gedoen het nie – mense wat jy nie eens ken nie!

OOM GERRIE: Solank as die wêreld bestaan, kind, sal daar oorlog wees, want solank as daar 'n mensdom is, sal daar nyd en afguns in die wêreld wees en oorlog, Annie, word gebore uit afguns en gierigheid. (*Driftig*). Jy vra waarom die Transvaal, waarom ons moet gaan veg? Dis geldgierigheid, goudgierigheid wat ons Boerevolk vandag tot bloedstorting dwing. Dis omdat daar ver oorkant die see 'n magtige volk is, wat byna die hele wêreld besit en daarby nog so 'n Achabshart het, dat hy 'n arme Boerevolkie nie eens 'n eie land en bestaan kan gun nie. Dis daarom dat ons moet veg, en as ons ons land lief het, as ons vandag ons huis en haard wil behou, sal ons vandag die wapen moet opneem en slagveld-toe gaan.

GRIETA: Ons is onskuldig. Reg is aan ons kant, ons sal wen.

OOM GERRIE: As jy so oud word soos ek, Grieta, sal jy leer dat reg nie altyd seëvier nie. Waarom dit so is weet ek nie, maar eendag sal ons dit weet.

ANNIE: Ja, Oom, daar is baie dinge in die lewe wat ek nie verstaan nie; maar sit, Oom, ek sal vir oom Koos gaan roep.

(*Annie af*).

OOM GERRIE (*kyk Annie agterna*): Grieta, dis 'n snaakse tyd om daaroor te praat, maar my hart is vol vandag – As ek ooit terugkom, wil ek met Annie praat. Dink jy . . . daar is kans vir my by haar?

GRIETA: Ek weet nie, Oom. Ek verstaan nie aldaar vir Annie nie. Soms lyk sy vir my so gevoelloos en . . . (*Stemme. Tante, Kotie, oom Koos en Annie kom in*).

OOM KOOS EN KOTIE (*byna tegelyk*): Is dit oorlog, Gerrie?

TANTE: O, Gerrie, is dit waar?

OOM GERRIE: Ja, Tante, oom Paul het gister die ultimatum gestuur. Die Engelse het geweier om hul troepe van ons grense terug te trek; hulle het eerder nog meer aangestuur, en nou lê hulle dik op ons grense, klaar om ons land soos sprinkane vol te loop. Al kans wat ons nou het is om eerste in die veld te spring en hulle te verja voordat daar te veel van oorsee kom, want oorlog soek hulle nou maar eenmaal.

OOM KOOS: Die gort is gaar! En die Vrystaat?

OOM GERRIE: Ons Regering het besluit om by die Transvaal te staan.

KOTIE: Ek is bly. Nou kan ons tog, kom wat wil, ons koppe optel en die wêreld in die oë kyk. Ons het by ons eie bloed gestaan en al was ons 'n klein nasie, ons het nie vir ons somer deur 'n groter een laat bang maak nie.

OOM GERRIE (*trek blou papier uit sy sak*): Jacobus Pieter Smit, dis my plig as veldkornet van hierdie distrik om vir jou en jou seun Jacobus Smit in die naam van ons Staat op te kommandeer om die wapen op te neem, en om met perd, saal en toom en mondprovisie vir agt dae, môre-oggend om nege-uur op Rietvlei te wees, bereid om krygsdiens te aanvaar.

(*Almal is stil. Grieta hou sakdoek voor haar oë. Annie lê haar hand op Tante se skouer*).

KOTIE: My mauser is lankal skoon. Oom kan op my reken.

OOM KOOS (*sug*): Dis goed, Gerrie. Ons sal daar wees.

OOM GERRIE: Dis swaar vir my om die droewige tyding te bring, maar . . .

OOM KOOS: Ons land roep ons, Gerrie.

OOM GERRIE: Dis die woord, Oom. Dag, Oom; dag Tante. Ek sal Tante nie gou weer sien nie, want ek gaan ook môre vort. Alles ten beste, Tante, en hou maar moed. Dag, Grieta. Dag, Annie, moenie jou ou oompie nou heeltemal vergeet nie. (*Groet almal*).

ANNIE: Ek sal baie aan Oom dink en duim vashou.

TANTE: Gerrie, ek sal jou 'n lekker biltong saam met Koos stuur, hoor. Jy het mos nie 'n vrou om vir jou te sorg nie.

OOM GERRIE: Baie, dankie, Tante. Tot weersiens, almal (*af*).

OOM KOOS: Kotie, stuur Filant om ons ryperde te haal. Die twee vosse kan saamgaan vir pakperde, en ou Filant moet hom ook klaarmaak om saam te gaan. Hy kan die bles ry.

KOTIE: Ja, Pa. (*Gaan uit*).

OOM KOOS: Vrou, ons moet dadelik klaarmaak en nog vanmiddag wegkom. Ons sal moet halfpad by die Krugers slaap en môre vroeg verder ry, anders kom ons nie daar betyds nie.

TANTE: Goed, Koos, ek sal gou jou kos en klere gaan regmaak.

(Hulle gaan uit, Annie en Grieta bly agter. Annie gaan staan by die kaggel en leun daarteen).

GRIETA: Annie, hulle gaan weg en ons bly alleen agter in die leë huis met ons angs en ons trane. Hulle kan gaan veg en stry en ons moet wag, wag, heeldag wag – op wat? Waarom moet ’n vrou se lot so swaar wees?

ANNIE: Ja, waarom? Waarom? Daar is honderde waaroms in my siel en nooit geen antwoord nie. O, Grieta, die eensaamheid wat voor ons lê! Elke dag, elke aand sonder hulle, en sonder die klank van hul stemme en . . .

GRIETA: Ja, die lang dae voor ons, die weke, maande, miskien jare wat moet verbygaan voor hulle weer terugkom – as hulle ooit terugkom. *(Snik. Annie laat sak haar kop op haar arms. ’n Rukkie stilte, dan ruk Annie skielik haar kop op).*

ANNIE: Maar, Grieta, jy het nog vir Piet. Hy is ’n Kolonialer en word nie opgekommandeer nie.

GRIETA *(meteens wakker)*: O, Annie, is dit waar? Ek het gedag . . .

ANNIE: Nee, Grieta, ons behou hom tog hier.

GRIETA: O, Annie, ek is so bly. Nou gaan ek eers gou vir ma help. *(Regs af).*

(Annie bly treurig by die kaggel staan. Die deur gaan links oop en Piet met ’n geweer in die hand kom opgewonde die kamer in).

PIET: Middag, Annie, waar is al die mense?

ANNIE: O, Piet, is jy terug? En ’n geweer! Waar het jy dit gekry?

PIET: In die dorp gekoop, dis mos oorlog!

ANNIE *(angstig)*: Het hulle jou dan ook gekommandeer?

PIET: Nee, hulle kan nie. Ek is nie ’n burger van die Vrystaat nie, maar . . .

ANNIE: O Piet, ek is bly, dan kan jy tog by ons bly.

PIET: Moenie glo ek bly tuis nie. Ek gaan Rooinekke skiet.

ANNIE: Waarom dan, Piet, as . . .

PIET *(driftig)*: Jy vra nog waarom? Dink jy ek gaan lekker by die huis sit as hulle stry! Net so min as julle Vrystaters die Transvaal in die steek kan laat, net so min kan ons Koloniale Boere stilsit en julle alleen laat veg. Ons staan onder ’n Britse regering, maar ons is Boere, dieselfde nasie as julle, en bloed is dikker as water. Ek het my besluit geneem, niks sal my keer nie. Kom wat wil, my lot gooi ek by my eie volk in. Buitendien, Annie, Grieta is ’n Vrystater en haar land is my land. Van vandag af is ek ’n rebel!

ANNIE: 'n Rebel, Piet. Besef jy wat beteken dit? Almal se hand teen jou.

PIET: En die dood as ek gevang word. Ja, Annie, ek het dit alles oordink. My siel was duister vir baie dae, maar vandat ek tot 'n besluit gekom het, is alles glashelder en is daar vrede in my hart.

ANNIE: Ja, Piet, daar is net een kwelling in my hart vandag en dit is, dat ek 'n meisie is; dat ek met slap hande by die huis moet sit; dat ek nie ook soos julle 'n geweer kan vat en slagveld-toe gaan om te skiet . . . skiet nie. Maar, Piet, ek wil jou graag iets sê. Jy weet ek het altyd gedink jy is sommer 'n windmaker, maar vandag sien ek jy is 'n man.

PIET: Dankie, Annie (*glimlag effens*). Maar sê my waar is Grieta en oom Koos hulle?

ANNIE: Grieta help vir Tante, en Oom en Kotie maak klaar. Hulle gaan netnou ry.

PIET (*haastig*): Nou ja, dan moet ek ook klaarmaak.

(*Yl weg – regs*).

OU MIETA (*kom huilend links in. Hou die punt van haar voorskoot voor haar oë*): Au, my Ounooi . . . waar is jy? Die Oubaas sê Filant moet gaan saam daar by die oorlog (*huil*) . . . Die Engelsman is baie . . . baie. Hy sal skiete my ou man. Filant, Nonnie, hy isse my enigste man. Waar ek, nou hy isse oud, sal kry 'n ander man? (*Huil hardop . . . hoe-hoe*).

(*Grieta kom haastig in met pakkies en opgerolde komberse wat sy op die tafel neergooi*).

GRIETA: Mieta, wat makeer jou?

MIETA: My Nonna, ou Filant hy gaan weg, dertig jaar hy hette gebly by my, nou ekke is oud hy laat staan my! (*huil opnuut*).

ANNIE: Ag, ou Aia, hy gaan mos saam met die baas. Hy loop mos nie weg nie – hy gaan ook nie baklei nie. Hy gaan maar net die perde vir oubaas en baas Kotie oppas.

MIETA: Almiskie, my Nonna. Ekke sal hom nooit weer sien nie. Ekke ken hom. Hy het nie wet wat maak hom vas by die vrou nie – hy loop sommer en (*huil*) . . . die Engelsman hy sal vir hom en die base almal dootte maak.

ANNIE (*skerp*): Stil, Aia. En vat die goed en sê Filant moet dit op die pakperde vasmaak.

(*Mieta vee oë af. Vat pakkies en gaan uit*).

ANNIE: Grieta, het jy vir Piet gesien?

GRIETA: Ja, nee, Annie, is hy terug?

ANNIE: Ja, Grieta. (*Loop na Grieta en slaan arm om haar skouers*). Ou sussie, vandag moet jy vir jou sterk hou, hoor. Piet gaan saam oorlog-toe, Grieta.

GRIETA: O, Annie. (*Begin te snik en sak op stoel neer*).

ANNIE: Ag, ou sussie, moenie. Dis net 'n paar maande, dan is alles verby; dan kom hulle weer terug. Wees dapper, en sus, al is dit net vir jou pa en ma se ontwil. Jy is nog jonk, maar hulle is oud en dink wat die skeiding vir hulle beteken. Hier kom hulle aan. Moenie dat hulle sien jy huil nie. Jou verdriet maak dit net swaarder vir hulle . . . vir Piet ook wat weggaan.

(*Grieta spring op en snel kamer links uit. Oom en Tante kom regs op*).

OOM (*met kamaste aan, bandelier om lyf en hoed op met rand eenkant opgeslaan; geweer in hand. Tante dra nog 'n paar pakkies wat sy algaande in 'n knapsak steek*): Ja, Vrou (*ernstig*) so gaan dit in die wêreld. Die moeilikheid en skeiding kom wanneer jy dit die minste verwag. Ek het nie gedag dat ek in my ouderdom weer van jou sou moes weg nie, maar die Voorsienigheid het dit nou anders bestem. Annie, julle kinders moet tog vir Tante mooi oppas.

ANNIE: Ja, Oom (*gaan haastig uit*).

TANTE: Nou, kyk, Koos. Hier sit ek 'n paar stukkie biltong en beskuit en ook 'n bietjie droë perskes in, sodat jy altyd iets byderhand het.

OOM: Dankie, Vrou. Kyk, ek gaan op 'n moeilike tyd weg. Die oestyd is amper daar, en ek het nou nie eens kans gehad om dinge bietjie agtermekaar te sit nie.

TANTE: Koos, jy weet mos ons plaasvroue se hande staan vir niks skeef nie. Ons sal hier vir alles sorg. Moenie vir jou oor die plaas bekommer nie, hoor. Gaan maar met 'n goeie hart weg en doen jou plig. Onthou, jy veg nie alleen vir jou land nie, maar ook vir ons, jou vrou en kinders. Verja die vyand van ons grense, sodat ons weer vrede kan kry.

OOM: Vrede! Vrou, ek twyfel of ons ooit weer vrede sien. Ek voel jy en ek sal nooit weer hier rustig op Kromdraai woon nie en dit lyk my die Boerevolk se dag is verby.

TANTE: Wat ookal gebeur, ek berus my in Sy wil, maar, Koos, een ding weet ek, ons saak is regverdig en God is regverdig en ons moet wen – verloor ons nou, eendag sal ons tog seëvier.

OOM: Ja, Vrou. Hy is regverdig en bestuur alles en wat Sy plan is met ons as 'n volk, weet Hy alleen. Iets hierbinne my sê my dat die uitslag van hierdie oorlog nie sal wees soos ons dit verlang nie, maar ons moet tevrede wees. Een ding smeek ek van Bo, dat as ons die neerlaag nou moet ly, dat ek dit tog nie mag beleef nie; dat dit tog nooit van my geverg moet word om my wapen vir 'n Engelsman neer te lê nie. Maar, Vrou, moet net nie vir jou oor ons bekommer nie. Onthou, kom wat wil, ons is veilig in Sy hande.

TANTE: Nie bekommer nie! Met 'n man en seun op die slagveld! Kommer, man, is maar 'n vrou se lot op hierdie aarde. Wat in my hart vandag omgaan, wat in elke Boerevrou se hart vandag omgaan, weet God alleen. Die kommer en angs van die lange, lange dae, nagte en maande wat voorlê, sal geen man ooit kan verstaan nie. Maar dis al wat 'n vrou ooit in oorlogstyd kan doen – haar dierbares afgee, tuisbly en . . . leer om nie te ween nie.

OOM (*lê sy hande op haar skouers*): Kyk, ou Vrou, ek wil net dit sê, ingeval ek nie weer terugkom nie, vyf-en-twintig jaar het ons lief en leed met mekaar deurgemaak, en al jou trou en sorg en liefde van al daardie jare is vir ewig hierbinne my hart bewaar. Vrou, ek dank God elke dag van my lewe vir jou en jou liefde. Nog nooit tevore was jy my ooit so dierbaar nie, soos nou dat ons uitmekaar moet gaan.

TANTE: Ag, Koos, en ek was nog gister so kwaai met jou!

(Kotie kom in, na hom Piet met Grieta aan sy arm, gevolg deur Annie. Kotie en Piet gewapen).

KOTIE: Pa, dit word laat, ons moet ry. Die perde wag.

OOM: Nou ja, kinders *(Hulle gaan almal deur-toe. Oom en Tant gaan eerste uit, dan Piet met sy arm geslaan om die huilende Grieta. Kotie druk die deur agter hulle toe en draai om na Annie wat laaste is)*.

KOTIE: Annie, ek gaan weg. Daarbuite voor die ander is ek skaam – gee my vir oulaas 'n soen. *(Annie kom vorentoe, maar stuit skielik en draai om)*.

KOTIE: Nou ja, as jy nie wil nie! *(Loop driftig uit)*.

ANNIE *(swaai om)*: Kotie ... Kotie ... *(huil)*.

SKERM VAL

Orkes speel Vrystaatse Volkslied.

TWEEDE BEDRYF

TONEEL I

(Omtrent 'n jaar later. Dis aand en in die veld. Oom Koos, Kotie en oom Gerrie sit by hul saals om 'n vuurtjie. Hul klere is oud en geskeur. Sagte musiek).

KOTIE: Dis waar, ons het vandag weer broekskeur uitgekom.

OOM GERRIE: Ja, die Rooies het ons so byna vasgetrap, maar vang is min!

KOTIE: Ek wens darem dat ons weer terug by ons ou generaal, De Wet, kon kom. Dis nou al die derde dag dat ons van die kommando af is.

OOM KOOS (*sug*): Dis darem 'n hondelewe hierdie, en 'n hopelose stryd.

OOM GERRIE: A-nee-a, Oom, hoe is Oom dan so bekaf vanaand?

OOM KOOS: Ek is kapot en my moed is klaar. Ek weet nie hoe dit is nie, maar alles lyk my vanaand so hopeloos, so duister. Al ons stryd en swaarkry lyk vir my verniet, Gerrie, en of daar geen vooruitsigte of uitkoms vir ons volk meer is nie.

OOM GERRIE: Oom, moenie so praat nie. Ek het nog groot hoop. Oom weet 'n mens se maag het partykeer baie te doen met jou moed! Dis omdat ons so hol binne is vanaand dat die hart ook swak word. Net een goeie bord kos, dan praat Oom weer groot.

OOM KOOS: Ja, dis waar, ek is hol vanaand, maar ek verseker jou, Gerrie, dit het niks te doen met my gees nie. Daarvoor het ek nou al te veel honger gely. Dis vir my of ek dinge vanaand duideliker sien, of alles my voor die gees helderder staan. As ek vorentoe kyk, sien ek geen môre nie . . . net vandag! Ek vrees ons twak is nat, Gerrie.

OOM GERRIE (*probeer Oom op te ruim*): Nat, nee Oom, ons twak is heeltemal op! Ek het nie eens een krummeltjie in my sak nie (*keer sakke om*). Ag Oom, hoekom het jy daarvan gepraat! My mond water eintlik vir 'n skyfie. (*Aan Kotie*) Ou matie, hoe lyk dit met jou, het jy nie 'n krummeltjie iewers nie?

KOTIE: So wrintig nie 'n krieseltjie nie. Ek het al lus om met die voering van my baadjiesak te stop . . . net om tog die reuk van rook te kry.

OOM KOOS (*mistroostig*): Hoor wat ek julle sê, Gerrie, dis klaar met ons Boere. 'n Hele jaar is ons al aan die oorlog voer, en ons kans vir 'n oorwinning word by die dag minder. Eers het ons fluks vooruit gegaan, had ons toe deurgedruk en vorentoe gestoot, had ons miskien 'n kans gehad, maar nou . . . nie meer nie. Die vyand is ons hele land vol; hulle is in besit van ons hoofstede, en watter kans het ons teen hul oormag? Hulle verja ons van die een end na die ander en ons moet altyd nes bobbejane vlug.

OOM GERRIE: Hoe lyk dit my Oom wil hensop?

OOM KOOS: Nee, nooit nie! Ek sal veg tot die bitter einde, al weet ek daar is nou maar net een moontlike uitslag, nl. die neerlaag van die Boeremagte. My hart is vol verdriet, Gerrie. Ek weet ons sal ons onafhanklikheid verloor, en my wapen aan 'n Engelsman afgee – dit kan ek nie. Was dit nie vir my vrou en kinders nie, en die gedagte aan wat miskien van hulle sal word, dan sou ek nou hier op my knieë gaan en bid dat ek tog liewers op die slagveld mag sterwe, dan dat dit van my geverg word om my wapen te moet neerlê.

KOTIE: Maar, Pa, sake is nie so donker nie. Al is ons nou nie soveel manskappe in die veld soos voorheen nie, is die wat daar nou veg, almal taai mense, mense wat bedoel om te stry, en wat sal veg tot die dood toe. Tien sulke burgers kan meer uitvoer as 'n honderd onwilliges.

OOM KOOS: Die vyand word sterker by die dag! Hulle het 'n onuitputlike bron van voedsel en manskappe oorsee wat hulle vir jare aan die gang kan hou. Maar dis nie dit wat my moed breek nie. Kotie, wet ons nekslag is, is die hensoppers, die “national scouts”, ons eie mense wat die vyand help. O, ek kon liewers 'n duisendmaal gesterwe het, dan dat ek die bittere waarheid moes beleef dat 'n Boer ontrou aan sy eie volk kon word.

OOM GERRIE: Dis waar, Oom. My hart voel so swaar soos 'n ysterklip hierbinne my as ek daaraan dink. Dis ons eie mense wat die vyand ons land deurlei, wat aan hulle al die Boerse geheime en maniere van veg blootlê. Dis ons eie mense wat vandag die wêreld so nou en moeilik vir ons maak. Nogtans, Oom, is ek vol hoop. (*Spring driftig op en trap rond*).

OOM KOOS (*bewe en gooi stokkies op die vuur*): Soe maar dis bitter koud vanaand en dit in Oktobermaand. En 'n mens het nie eens warm kos of 'n kombes om jou in toe te rol nie.

OOM GERRIE: Ja, al ons velletjies het vandag alweer in die slag gebly, maar wag maar, Oom, een van die dae skud ons weer 'n paar Kakies uit en dan het ons weer tiendubbel terug wat ons nou verloor het. Maar (*aan Kotie*) hoe lyk dit met die kossies, matie?

KOTIE: Boonskraap, Oom. (*Trek uit sy saalsak 'n handvol kaboemielies en bied sy vader dit aan*).
Sal Pa 'n bietjie kry?

OOM KOOS: Nee dankie, seun, ek het nie lus nie. Ek sal maar liewers gaan lê. (*Trek saal reg en gaan lê eenkant met kop tussen saalklappe*).

KOTIE (*gee aan Gerrie 'n handvol, skud sak uit en keer dit om, en tel dan krummels van grond op*):
Wat nie doodmaak nie, maak vet en sand is goed vir sooi-brand.

OOM GERRIE: Arrie, dit smaak ver! Ek was altyd bly dat ek nie 'n swart man is nie, as ek die skepseIs sien kaboemielies eet, maar wrintig, ek het nooit geweet dit kan so heerlik smaak nie.

KOTIE: Heerlik is dit nie eintlik vir my nie! Weet jy waarna ek nou verlang – 'n lekker stuk boerewors so heerlik bruin gebrui, met brood en botter en 'n warm koppie koffie.

OOM GERRIE (*skerp – druk op sy maag*): Man, hou op!

(*Piet Gunter kom kruip-kruip agter bossies uit. Hulle sien hom nie*).

KOTIE: Sjuut . . . Ek hoor iets. (*Stilte*).

OOM GERRIE: Sommer die wind in die bossies.

(*Piet Gunter spring op*).

KOTIE: Pas-op.

GERRIE: Wat is dit?

(*Hulle spring op, gryp na geweeers. Piet lag en kom vorentoe*).

PIET: Naand, almal.

KOTIE: Dis Piet!

OOM GERRIE: Jou vabond, om 'n mens so te laat skrik.

KOTIE: Piet kêrel, (*groet hartlik*). Ek is baie bly om jou weer te sien. Ons het maande laas mekaar gesien.

PIET (*groet almal*): 'n Rapportryer is mos 'n trekvoël. (*Klop op sy bors*). Ek het net vanmiddag weer 'n geluk gehad. 'n Dik klomp rapporte van 'n Kakie afgeneem. Ek dag dit was Kakies hier (*lag*) en ek is so koud en honger dat ek van plan was om die hele boel hier plat te loop. (*Gaan sit by vuur*). Maar, kêrels, julle is darem mak. Hier sit julle in 'n donker nag met 'n vuur wat 'n mens 'n myl ver kan sien.

(*Almal gaan sit*).

OOM GERRIE: Dis bitter koud en ek gaan vir geen Engelsman verkleum nie – buitendien, Filant hou mos wag.

KOTIE: En die Tommies is nes sprinkane. Hulle trek nooit snags nie.

PIET: Jy vergeet, ons veg nie meer teen Kakies nie, maar teen Boere ook.

KOTIE: Maar, Piet, kêrel, vertel ons dan die nuus. Waar kom jy nou vandaan?

PIET: Van Transvaal en ek het sommer 'n draai by Kromdraai gemaak.

KOTIE (*opgewonde*): Kromdraai?

OOM KOOS (*wat aan die slaap was, sit nou regop*): Kromdraai, wie praat van Kromdraai? – O, Piet, is dit jy? (*Groet*). En kom jy van Kromdraai?

PIET: Ja, Oom.

OOM KOOS: Sê my tog, hoe gaan dit tuis? Nog nooit was ek weer op die ou plaas nie, en my hart verlang vanaand tog alte baie na die vrou en dogters. Piet, sê my, hoe gaan dit met Tante, is sy nog gesond?

(Piet sit stil en kyk voor hom uit in die vuurtjie).

OOM KOOS: Piet, hoekom praat jy nie, wat is dit? Is hulle siek, of ...

PIET: Dis vreeslik, Oom. Ek weet nie hoe om dit te vertel nie, Oom. Die Kakies maak nou oorlog teen die vrouens.

OOM KOOS: My vrou en dogters ... is hulle dood?

PIET: Nee, Oom, maar die vyand het hulle weggeneem en Kromdraai is verwoes.

OOM en KOTIE: Weg ... die plaas verwoes?

PIET: Die Engelse sien hulle kan ons nie vang of oorwen nie en nou het hulle 'n nuwe plan. Hulle sê die vrouens gee ons kos en nou neem hulle al die vrouens en kinders van die plase af weg en stop hulle in kampe! Die plase word afgebrand, die vee doodgemaak, of weggeneem. Hulle wil die land skoonvee, sodat ons kan verhonger en daardeur gedwing word om in te gee.

OOM KOOS: Vrouens wegsleep, plase verbrand! Piet, jy lieg. Watter beskaafde nasie sal dit doen!

PIET: Dis waar, Oom. In die Transvaal lyk dit al aaklig. Sover as die Engelse trek, staan die vlamme. En hier in die Vrystaat begin hulle ook al, en Kromdraai is een van die eerstes. O, Oom, die pragtige plaas is nou 'n woestyn! Daar is niks, niks nie, net kaal, swart mure. Die skape en vee lê in hope doodgeskiet en tot die bome is afgekap.

OOM GERRIE: Maar hulle sal ons land tot in die grond toe verniel.

OOM KOOS: My pragtige plaas, wat ek so swaar opgebou het! Maar Piet, waarheen het hulle Tante hulle geneem?

PIET: Ek weet glad nie, Oom. Hulle slaan groot kampe op by Bloemfontein, Springfontein, Bethulie en nog baie ander plekke, en daar gaan hulle die vrouens instop en gevange hou tot die oorlog oor is. Tante-hulle kan in enigee van hierdie kampe wees.

OOM KOOS: Dis ongelooflik, dis barbaars, Piet! Ons Boerevroue wat gewoon is aan hul goeie huise en gesonde kos, sal dit nooit in die tente uithou nie. Die ontberinge sal hulle doodmaak.

KOTIE *(spring op en skud sy vuis)*: Ons sal ons wraak neem. Hulle dink ons sal ingee, maar nou sal ons eers veg soos nooit tevore nie.

OOM KOOS: My arme vrou en dogters.

KOTIE: Ek gaan 'n bietjie loop! As ek hier moet stilsit . . . bars ek! (*Gryp geweer en gaan links af. Die ander sit stil en mismoedig.*)

OOM GERRIE: Ja, wat sal 'n mens sê. (*Rek hom en gaap*). Al breek 'n mens se hart in die wêreld, moet die natuur maar sy gang gaan. Ek gaan slaap en my uitrus, want as ek nie voortaan ten minste twee Kakies meer pen dag van kant maak vir die skade wat hulle ons aandoen nie, is my naam nie Gert Pienaar nie. (*Gaan lê met sy kop in die saal*).

PIET (*aan oom Koos*): Ons moet ook maar gaan lê. Dis waar, ons het voortaan al ons kragte nodig en, Oom, ons moet maar moed hou, alles sal weer regkom.

OOM KOOS: Piet, my seun, my hart is swaar en seer. Die wêreld is donker vanaand, baie donker, en selfs 'n mens se geloof begin te wankel. (*Gaan lê*). Nag seun.

PIET: Nag, Oom. (*Hulle gaan lê*).

OOM KOOS (*na 'n rukkie*): Piet.

PIET: Ja, Oom?

OOM KOOS: As ek miskien nie meer daar is nie, en die oorlog is oor, pas tog mooi vir Grieta op en sorg vir Tante!

PIET: Oom kan altyd op my staat maak.

(*Almal stil en aan die slaap*).

FILANT (*Kom aangestorm en skreeu*): Baas, Baas, die Kakies, die Kakies!

(*Almal spring op en gryp na geweeers en daar is 'n deurmekaar geroep van: "Die Kakies! Waar?" Agter die skerm val skote. Vier, vyf Kakies ("Nat. Scouts") storm op die toneel af. Filant kyk verskrik rond en kruip agter 'n bossie weg*).

KAKIE: Hensop, julle Boere!

OOM KOOS: Aan 'n verraaier nooit nie. (*Lê aan, maar Kakies skiet en hy en oom Genie val neer*).

OOM GERRIE (*terwyl hy val, gewond, skreeu hy aan Piet*): Piet, vlug!

EERSTE KAKIE (*sersant*): Dis die rebel, moenie skiet nie, vang hom. (*Almal pak hom. Piet skiet één dood, dan oorweldig en ontwapen hulle hom*).

TWEEDE KAKIE: Nou het ons jou, jou vuile rebel.

PIET: Ek het darem een landsverraaier omgekap en nou kan julle maar met my doen wat julle wil.

(*Hulle maak sy hande vas*).

DERDE KAKIE (*het intussen na oom Koos gekyk; nou skop hy teen hom en sê*): Hy is dood, laat hom maar lê, maar hierdie een (*wys na oom Gerrie*) is gewond. (*Hulle maak 'n doek om oom Gerrie se skouer vas*).

EERSTE KAKIE (*sersant*): Maak gou, ons moet wegkom, dalk is hier ander Boere in die rondte. Vat ons man saam (*wys na dooie Kakie. Twee dra hul dooie maat uit, terwyl die ander Piet en oom Gerrie, wat baie sukkel en steun, uitlei*).

(*As die toneel skoon is, kruip ou Filant versigtig agter die bossie uit en na oom Koos se liggaam. Hy betas sy kop, voel aan sy hart. Skud sy kop treurig en roep*).

FILANT: Baas, Baas, my Oubaas, is jy dan doot, my Baas? (*Skud wy kop en sit treurig langs die lyk*).

KOTIE: (*kom aangehardloop*): Skote, skote! Wat beteken dit? Wat is dit, Filant, jy hier? Wat het gebeur? Waar is die mense? Wie is die? My pa? (*Val op sy knieë langs sy pa neer*). Pa, Pa! Is hy dan dood?

FILANT: Doot, morse doot, my Basie. Die Engelsman, nee die Boer wat hette die Engelsman se klere, hy het hom geskiet. Ouk, my arme Oubaas. Hy isse doot nog voor my. Toe hy was klein – so groot (*wys*), ekke was al groot. Ekke hette hom gedra hier by die arm, en nou my baas hy is weg en hette die ou jong agter laat staan. (*Hy vee trane af*). My oubaas hy wasse altoos goed vir ou Filant. Wat hy sal nou word van my?

KOTIE: (*was al die tyd besig om sy vader te betas, veral sy hart*): Ja, hy is dood, Filant. Sy wens is vervul. Hy het gesterwe op die slagveld vir sy land en volk. Hy rus nou, Filant, en is gespaar geword van al die verdriet en vernedering wat ons nog voorlê. (*Streel sy voorhoof*). Vaarwel, my edele vader!

FILANT: My Oubaas, my Oubaas!

KOTIE: Maar Filant (*spring op en kyk in die rondte*) ek vergeet, waar is baas Piet en baas Gerrie?

FILANT: Die Kakie hette hulle gevang! Baas Gerrie isse geskiet hier by die skouer, maar hy isse nie doot nie. Baas Piet, hulle hette hom sommer so almal tesame gepak en sy geweer afgeneem. Die een Kakie hy roep – moenie skiet nie, ons moet hom vang. Hy isse die rebel!

KOTIE (*trap rond*): Gevang, Filant, hulle gaan hom doodmaak. Hulle skiet die rebelle dood.

FILANT: Of hy word hier in die veld geskiet soos die oubaas, of daar by die tronk, hy isse mosse dieselfde, Basie.

KOTIE (*loop vinnig heen en weer*): Filant, dit mag nie gebeur nie. Ons durf dit nie toelaat nie, hoor jy my. Hy het sy lot by ons ingegooi, by ons gestaan en ons kan nie toelaat dat by sommer soos 'n hond doodgeskiet word nie.

FILANT: Wat ons sal maak, my Basie? Ons is net twee, maar hulle is baai-e. Soos die sprinkaan wat kom by die swerm.

KOTIE: Ek weet nie! Maar dink, dink Filant! Julle mense is mos vol planne.

FILANT: Ouk, Basie – my ou kop hy isse soos die klip vandag.

KOTIE: Help dan Filant. Een ding sê ek jou, ons moet hom red, al kos dit ook my laaste druppel bloed.

FILANT: Ekke sal jou sê, my Basie, ekke sal gaan agter die Kakies. Hulle make niks vir ons mense nie en ekke ook nie bang vir hom nie. Ekke sal uitvind waar hulle stuur baas Piet, en ekke sal terugkom en vertel die Baas, dan Baas Kotie hy kan maak die plan.

KOTIE: Dis reg, my ou jong, gaan saam, dan kom vertel jy my alles – maar hoe sal jy gaan? Hulle het seker al ons perde weg.

FILANT: Ekke sal hardloop by die voet – net so gou soos die pêr. Maar die Kakie hy hette nie gevat die pêre nie. Hy staan nog daar by die veld. Die Kakie hy hette gekom hier by die spruit – gekruip by sy pens – darem ou Filant hy hette hom nie gehoor nie – net toe by spring uit hier by die sloot, ekke sien hom.

KOTIE: Nou toe . . . maak gou. Ek sal hier in die rante wag tot jy terugkom, maar (*driftig*) pasop, as jy my verraai, dan draai ek jou nek soos 'n mossie s'n om!

FILANT (*staan stadig op*): Verraai! Sies! Net die witmens hy verraai sy eie mense. Ekke nie verklikker nie soos die Boer wat help die Kakie! Ekke hy het groot geword by hierdie land. Al wat ek het, hy hette gekry by die Boer! Hierdie Boermense hy isse my nasie. Engelsman, ekke ken hom nie, ekke is bang – hy loop voor maar sy wet hy kom agter! Ekke sal gaan nou, my Basie! Nou die son hy sak vanaand ou Filant hy sal hier wees. Dag, my Basie.

KOTIE: Goed, Filant, jy sal my hier kry. (*Sak langs sy vader neer, beskou en soen sy voorhoof*).
Vaarwel, my liewer Vader!

SKERM VAL

(*Die orkes speel die dodemars of treurige musiek terwyl die skerm val. Skerm gaan weer op om die tableau van Kotie, snikkend, by die liggaam van sy vader weer te laat sien*).

TONEEL II

(’n Week later).

(Kantoor van die Engelse kommandant in ’n klein Vrystaatse dorpie. ’n Lessenaar en stoel in die middel regoor die gehoor, met boeke, papiere ens. op die tafel. Op die een punt staan ’n bottel whisky met glase. ’n Ander tafel, kleiner, staan eenkant en verskillende stoele staan rond in die vertrek. Die deur gaan regs oop en Danie Joubert kom in volledige Kakiedrag. Hy word gevolg deur ’n jonger persoon, ook in Kakie. Danie haal sy helm af, sit dit eenkant op die tafel neer, terwyl die ander persoon by die klein tafeltjie gaan sit om te skrywe.)

DANIE: Ek voel of ek versterking nodig het. (Hy skink whisky in. Sy hand bewe, en hy slaan gou die drank weg). Dis darem vreeslik om soiets aan te hoor. Hoe lyk dit met jou, Greyling – neem ’n drankie, man, dit help. (Hy skink twee glase in).

GREYLING: Dankie, Meneer. (Begin te drink). Dis darem nie lekker om te hoor dat jou medemens tot die dood veroordeel word nie. (Drink, bewerig). Ek kon nie help om vir hom jammer te kry nie.

DANIE (slaan tweede sopie weg): Dis darem sy eie skuld, Greyling, dat hy vandag as ’n veroordeelde daar in die tronk is. Wie het hom gesê om saam met die Boere te gaan, om ons rapporte af te neem en nog een van ons “scouts” dood te skiet. Nee, Greyling, hy het dit gesoek. Hy was ’n Kolonialer en behoort glad nie eens in die stryd betrokke te wees nie. Hy kon lekker vreedsaam daar in die Kolonie gesit het.

GREYLING: Ja, Meneer, ek weet, maar toe die Generaal daar op die plein netnou die doodvonnis aflees, het ek gevoel my knieë swik en – hy het nie eens ’n haar verroer nie, net ’n bietjie bleek geword.

DANIE: Arme Piet! Hy was ’n gawe kêrel en ek het nogal altyd van hom gehou. As hulle maar net nie vir my gevra het om hom te identifiseer nie en om getuienis teen hom af te lê. (Drink weer).

GREYLING (troostend): Maar dit is sommer toeval, Meneer, dat u nog hier is en hom geken het. U moenie u daarvoor bekommer nie.

DANIE: Jy dink dit?

GREYLING: Ja, Meneer. (Hulle begin skrywe. ’n Rukkie stilte).

GREYLING (skielik): Maandagmôre om sesuur. Ek wonder hoe voel dit om te weet jy het nog net bietjie meer as een dag om te lewe.

DANIE (skerp): Stil! Gaan aan met jou werk en laat ons dit nou maar vergeet.

(’n Rukkie stilte).

DANIE: Waarom die Boere so dom is om aan te hou veg, weet ek nie. Dis tog verniet en hul plase word verniel en hulle heeltemal uitgeroei. As hulle liewers wou ingee, dan sou hulle in vrede onder 'n nuwe regering kon lewe.

GREYLING: Ja, Meneer.

DANIE: Kyk nou vir ons, Greyling. Ek het gesien dis klaar met die Boere toe die Engelse oor die grens kom. Die ou landdros het getrap saam met die Boere, maar ek het gebly, die eed van getrouheid afgelê en die papiere alles veilig in die hande van my nuwe base gegee en hulle getoon ek is gewillig om hulle net so getrou te dien as vir die Republiek. Hulle het my aangeneem, hierheen gestuur en vandag het ek nou my loon vir my ywerige dienste. Ek is assistent-kommandant, en nou dat die ou kommandant weggeroep is na Bloemfontein, speel ek baas.

GREYLING: Ja, Meneer, maar almal sê ons is verraaiers!

DANIE (*spring verwoed op*): Verraaiers! Laat my maar net iemand in die hande kry wat dit sê. (*Klop aan die deur*). "Come in!"

ORDERLIE (*op, salueer*): Here's a scout to see you, Sir!

DANIE: Bring him in.

(*Orderlie salueer weer, gaan uit. Die scout kom in en salueer*).

DANIE: September, is dit jy? Mône. (*Aan Greyling*) Dè Greyling, gaan pos gou hierdie brief vir my. (*Greyling neem brief, af*). (*Aan September*). Het jy nuus vir my?

SEPTEMBER: Ja, Baas. Baas het gesê ekke moet neem die Engelsman daar by Ventersburg by die plaas van baas Smit. Nou, ons het geloop by Kromdraai. Die Engelsman het gegooi die parfien, hy hette gebrand alles, en die Nooi en die Nonnas gesit by die wa en hulle gebring. Nou is hy vandag gekom daar by die kamp.

DANIE: Dis mooi, scout. Jy het goed gedoen. Dè, hier is iets vir jou (*gee hom geld*).

SEPTEMBER (*ontvang*): Dankie, Baas. Dis darem nie mooi nie. Hulle kry swaar daar by die wa. Die kjent hulle kry honger, hulle huil.

DANIE (*verskrik*): Sjuut, scout! Moenie so praat nie. Ons is goed vir hulle. Daar by die plase hulle sal swaar kry, daarom bring ons hulle hier en pas hulle op en gee hulle kos.

SEPTEMBER (*twyfelagtig*): Ja, Baas. Mône, Baas (*vergeet om te salueer, draai om en loop*).

DANIE (*boos*): Scout, kom terug. Jou onnosele ding, weet jy nie jy moet jou kommandant behoorlik salueer nie?

SEPTEMBER: Ekke het vergeet, Baas. (*Salueer*).

DANIE: Vergeet, ek skop jou netnou hoor!

SEPTEMBER: Ja, Baas (*salueer weer, af*).

(*Danie gaan sit by die tafel en begin druk te skrywe. Greyling kom op*).

DANIE (*vou 'n brief op en steek dit in 'n koevert*): Kyk, Greyling, neem hierdie brief vir my na die kamp-kommandant. Hy moet 'n sekere dame saam met jou terugstuur om hier by my te rapporteer.

GREYLING: Goed, meneer (*salueer, af*).

ORDERLIE (*kom in en salueer*): Miss Truter, Sir. (*Hy bly by die deur staan*).

LETTIE TRUTER (*lank en maer. Stap boosaardig in en praat parmantig*): Kyk hier, as jy my hier wil hê, sal ek self my weg hierheen vind. Waarom moet jy 'n vuil Kakie stuur om my te haal?

DANIE: Dis die Kakies wat nou die land regeer, en hoe eerder jy leer om hulle te eerbiedig, en om daardie tong van jou in toom te hou, hoe beter vir jou, hoor!

LETTIE TRUTER: En jy verbeel jou jy is 'n Kakie met daardie klere, nè? Pronk met jou pou se stertvere! Wie luister na jou! Waar is die kommandant en wat wil hy hê?

DANIE (*trek hom regop*): Ek is nou die kommandant en jy moet oppas wat jy hier sê, hoor. (*Deursoek papiere en kry een*). Jy is Aletta Truter?

LETTIE TRUTER: Ja, wat daarvan?

DANIE: Woonagtig in Kerkstraat?

LETTIE TRUTER: Ja, en dit is my eie huis as jy dít ook wil weet.

DANIE: Wel, Alette Truter, daar . . .

LETTIE TRUTER: Mej. Truter, meneertjie.

DANIE (*maak of hy nie hoor nie*): Daar is 'n ernstige klag teen jou. Gisternôre om nege-uur, voor die Hollandse Kerk, het jy een haar Majesteit se troepe op 'n skandelige manier beledig.

LETTIE TRUTER (*smalend*): Só?

DANIE: Deur my goedheid, verstaan jy my, en deur die goedheid van Haar Majesteit was julle vrouens toegelaat om vir die Boereprisoniers kos te bring, en toe een van die hongerige soldate jou ook om 'n stukkie kos vra, het jy hom beledig!

LETTIE TRUTER: As haar danige majesteit sterk genoeg is om Boerehuise af te brand en ons land te verniel, kan sy haar Tommies self voer. Nie 'n bekvol sal 'n Kakie van my kry nie en dit het ek hom gesê.

DANIE: En dis nie al nie. Dit word vermoed dat jy gemeenskap hou met die vyand. Eergisteraand het daar 'n man by julle huis ingegaan.

LETTIE TRUTER: Ek, 'n jongnooi – jy beledig my! Maar julle Tommies het self kom soek en niks gekry nie. Net my ou Tante en ek!

DANIE: Jy is 'n gevaarlike vroumens. Jy versprei sedisie en rebelsgesindheid en as dit uitgevind word dat jy werklik die Boere in die veld met kos en klere help, sal dit smoor met jou gaan. Jy het vanmôre die vonnis gehoor wat oor die rebel uitgespreek was.

LETTIE TRUTER: Julle het 'n klok gelui, 'n boehaai gemaak en die mense op die Kerkplein bymekaar laat roep. Julle het gemeen om ons bang te maak. Ons het nie geskrik nie – ons bewonder die dappere man wat soos 'n held vir sy land en volk sterwe.

DANIE (*skerp*): Dis genoeg! Jy gaan nou reguit huis-toe en dit is jou straf – jy sit nie 'n voet uit daardie huis vir veertien dae nie. Ek sal 'n wag voor die huis sit en ...

LETTIE TRUTER (*skrik*): 'n Wag! Waarom ...

DANIE: En kom jy weer voor my, dan stuur ek jou reguit tronk-toe. Jy kan gaan. Orderly, show her out.

(*Lettie Truter ruk haar kop op en stap parmantig weg – trek haar rok opsy as sy by die Orderlie verbygaan. Die Orderlie volg haar van die toneel af*).

DANIE (*vee sy kop met 'n sakdoek af. Skink weer drank in en begin te drink. Greyling kom op. Danie spring haastig op en verneem angstig*): En toe?

GREYLING: Sy is hier buite in die kar, Meneer.

DANIE (*skerp*): En hoekom bring jy haar nie in nie? (*Greyling af. Danie stryk sy hare reg. Trek aan sy snorretjie en vroetel senuweeagtig rond. Greyling kom in, gevolg deur Annie Bosman*).

DANIE (*spring op, baie vriendelik*): Middag, Annie. (*Aan Greyling*). Jy kan buite wag. (*Hy loop Annie tegemoet en steek sy hand uit en herhaal sy groet*). Middag, Annie.

ANNIE (*steek haar hande agter die rug en kyk hom minagtend aan*): So, jy is 'n hensopper! Ek het dit nooit van jou verwag nie, Danie.

DANIE: Annie, kyk, die Boere is klaar – hulle kan nooit wen nie – ek het my neergelê by 'n onverbiddelike noodlot. Nou dien ek maar my nuwe base – maar kyk, Annie ...

ANNIE: Ek het gehoor die kommandant wil my sien.

DANIE (*trots*): Ek is die kommandant; nie meer die arme ou klerkie nie, maar nou 'n man met gesag, Annie. Ek kan julle help, Annie.

ANNIE: Ek neem geen hulp van 'n verraaier aan nie, mnr. Joubert.

DANIE: Maar, Annie, ek sê jou mos ... maar ons sal nie daaroor praat nie. Kyk, Annie, dis nie nodig vir julle om in die kamp te gaan nie. Ek ken julle, ek sal julle 'n permit gee, dan kan julle hier in die dorp kom woon.

ANNIE: Só, en waarvan? Julle het alles verniel wat ons besit het. Vandag het ons nie 'n pennie in die wêreld nie.

DANIE: Maar, Annie . . . ek is mos 'n ou vriend . . .

ANNIE: Ek sê jou . . . ek ontvang niks van 'n verraaiër nie.

DANIE (*smekend*): Moenie so hard wees nie. Moenie my sommer so veroordeel nie. As jy maar weet hoe baie ek verlang het om jou weer te sien. (*Gaan nader en probeer haar betas*).

ANNIE (*stoot hom ru weg*): Hoe durf jy aan my vat! Ek wil jou nooit weer sien nie. (*Draai om en loop deur toe*).

DANIE: Só, jy hou vir jou hoog, nè! Wag maar, wie die laaste lag, lag die lekkerste, hoor!

ANNIE (*veragtend*): Jou . . . Kakie!

DANIE: Goed, ons sal later weer praat. Maar glo my, ons sal jou nog mak maak. (*Hy loop na die deur en roep Greyling*). Neem mej. Bosman terug kamp-toe.

GREYLING: Goed, Meneer.

(*Hulle vertrek, Orderlie weer op*).

DANIE (*nors*): What's it now?

ORDERLIE (*grinnik*): If yer please, Sir, here's another boar woman botherin' to see yer!

DANIE: Bring her in.

(*Ou Tante Mina Schumann kom kruppel-kruppel op. Sy buig baie beleef*).

TANTE: Mône, Meneer. Ekskuus my tog, Meneer, dat ek u pla, Meneer, maar ek het so geskrik toe Lettie . . .

DANIE: Wie is jy?

TANTE: Ek is Mina Schumann. Almal sê vir my ou Tante Mina. Wat ek wou sê, Meneer, kan ek maar sit, Meneer?

DANIE: Toe maar!

TANTE: Die ou bene voel die jare, Meneer, en die rooimatiek wil my geen rus gee nie. (*Gaan sit met 'n steun*). As die ouderdom jou bekruip, Meneer, is dit maar swaar. Wat ek wou sê, Meneer, toe die soldaat Lettie kom haal, het ek so geskrik, Meneer, dat ek sommer die bewerasie gekry het. Ek het sommer my ou kiere gegryp, en al was ek vir geen jare op straat nie, het ek vandag hierheen gesukkel. (*Hou op, uitasem*).

DANIE: Só, is jy die tante van mej. Truter, daardie rissie? (*Skerp*). Jy kom probeer verniet om voorspraak vir haar te wees, en ek het ook nie nou tyd vir lang praatjies nie, hoor.

TANTE: Ag, asseblief-tog, Meneer, neem my nie kwalik nie. Lettie is 'n liewe goeie kind, net haar tong is 'n bietjie skerp. Ek sê haar heeldag om tog versigtig te wees, want praatjies maak net moeilikheid. En, Meneer, toe ek hoor Meneer is nou kommandant, het ek sommer my moed bymekaar geskraap en gekom, want ek weet Meneer is 'n liewe goeie mens, en ek hoop Meneer sal my help.

DANIE (*meteens vriendelik*): Maar wat wil u eintlik hê?

TANTE: Ag, Meneer, jy is 'n grootman en ek maar 'n arme ou vrou, en ek kom Meneer 'n groot guns vra. Ekskuus my tog, Meneer. (*Trek 'n flessie uit haar roksak*). Ek het so hartkloppens van die loop en die rooilaventel is so goed daarvoor. (*Gooi 'n bietjie in 'n glas langs haar op die tafel en drink*). So lyk dit as 'n mens oud is – Meneer, en ek was 'n mooi nooi in my dae, 'n nooi Smit van Ventersburg.

DANIE (*opgewonde*): Smit van Ventersburg?

TANTE: Ja, Meneer, daar is nog familie van my daar. Koos Smit van Kromdraai is my eie bloedneef, 'n seun van my oorle broer Koos. Maar wat ek wou sê . . .

DANIE: Hoekom het jy dit nie lankal gesê nie? Ek ken Koos Smit en sy familie goed.

TANTE: Ja, Meneer, my eie broerskind.

DANIE (*nou baie vriendelik*): Ag, Tante, het ek dit maar eerder geweet dan was ek nie so straf op jou niggie nie. Die Smits is ou vriende van my, en om hul ontwil sal ek mej. Truter nie straf nie.

TANTE: Ag, dankie-tog, Meneer; u is tog so goed, en ek kry moed om met my versoek uit te kom. Ag, Meneer, u is 'n grootman, help tog 'n ou vrou.

DANIE: Wat is dit dan, Tante? Vra maar.

TANTE: Ag, die Here sal u beloon vir u goedheid. Ag, hy is my grootste vriendin se seun. In my arms het ek hom gesus toe hy klein was en vandag is hy vër van sy ou moeder en oormôre moet hy sterwe (*vee oë af*). Ag, Meneer, gun my tog net tien minute, net om vir hom vaarwel te gaan sê

DANIE (*verbaas*): Wat? Wie? Praat Tante van Piet Gunter?

TANTE: Ja, die arme seun!

DANIE: Onmoontlik!

TANTE: Niks is onmoontlik vir u nie, Meneer. U woord is mos wet hier, noudat u kommandant is. Ag, Meneer, net om hom te gaan groet. Watter kwaad kan 'n krankeliekige ou vrou nou doen? En aan die laagste misdadiger word dit tog toegelaat om afskeid van sy familie te neem. (*Val op haar knieë en smeek hom*). Ag, net vir tien minute, Meneer. Dink tog aan sy onskuldige moeder vër weg en gee my tog net die kans om 'n laaste boodskap van sy lippe vir haar te ontvang om haar bietjie in haar verdriet te troos – en . . .

DANIE (*skud sy kop*): Dis te gevaarlik, Tante. Hy is 'n rebel en as daar iets verkeerd gaan ... is dit 'n ernstige ding – buitendien, as ek jou inlaat, sal die hele dorp wil gaan.

TANTE: Ja, ek weet, Meneer, maar niemand hoef te weet nie. As u my vanaand in die donker inlaat, sal niemand dit agterkom nie en ek sal daar nooit van praat nie. Ek is 'n ou vrou, maar wie weet, kan ek vir u ook nog eendag 'n klip uit die pad rol. Ag, Meneer, ek kry so jammer ook vir die liewe goeie meisie, Grieta.

DANIE (*loop 'n bietjie rond in die kamer, staan dan stil, dink en sê*): Wel, Tante moet goed verstaan, dis 'n waagstuk vir my, maar ek sal dit doen, as ...

TANTE: Mag die liewe Hemel jou seën, Meneer.

DANIE: Maar op twee voorwaardes. Die een is, dat jy geen mens daarvan sê nie, en die tweede, dat Tante vir my ook 'n diensie bewys ... Is dit goed?

TANTE: Ag, Meneer, enige ding sal ek vir u doen, sê maar net.

DANIE (*gaan sit en skrywe*): Môreaand tussen agt en nege, as Tante dié pas by die tronkhekke toon, sal die wagte Tante inlaat. Vra dan vir Jan Vermeulen, die tronkbewaarder, en hy sal jou tien minute gee om met hom te praat, nie langer nie. As die klok nege-uur lui, moet Tante weer terug in jou huis wees.

TANTE (*steek hand uit*): Dankie, Meneer, baie dankie.

DANIE: Nee, wag eers 'n bietjie. Ek wil eers sê wat Tante vir my moet doen. Die Smits, Tante, is altyd my beste vriende gewees en ek kry jammer vir hulle. Ek moet sê, daar is 'n niggie, Annie ...

TANTE: A-ha!

DANIE: Wel, Tante, ek het 'n bietjie sin in haar, maar sy is 'n bietjie koppig ... in elk geval, ek wil nie hê hulle moet in die kamp bly nie. Hulle is vandag ingebring en is oorkant in die kamp. Ek kan 'n goeie huis hier kry ... ek sal al die onkoste dra. Sal Tante belowe om met hulle te praat en oor te haal om in die dorp te kom bly. Hulle moet net nie weet dat ek daarmee iets te doen het nie.

TANTE: Ek belowe om my bes te doen ... en ek het ook 'n groot huis.

DANIE: Nou ja, Tante, hier is die pas vir die tronk ... en onthou jou woord!

TANTE (*staan sukkelend op*): Dankie, Meneer. Vir wat u vandag vir 'n ou vrou gedoen het, sal u beloon word. (*Maak 'n buiging*). Dag, Meneer.

DANIE (*steek sy hand uit en groet*): Dag, Tante.

(*Sy gaan by die deur uit. Danie sak in sy stoel neer, met sy kop op sy hande, asof hy oor iets bekommerd voel*).

SKERM VAL

TONEEI III

(Die volgende aand in die tronk).

(Musiek, sag en treurig. As die skerm opgaan, en terwyl die musiek nog speel, sit Piet Grobler op 'n klein stoeltjie langs 'n tafeltjie treurig voor hom uit te staar. Die sel is klein en kaal en daar is niks verder in nie behalwe 'n rol komberse in die een hoek en skryfpapier en 'n bak water op die tafel. Regoor die gehoor is 'n deur. Hy sit 'n rukkie stil, dan draai hy om en begin te skryf. Dan meteens stoot hy die papier weg, en laat sy kop op sy arms op die tafel val. 'n Klok slaan ses swaar slae. Tegelykertyd lui 'n kerkklok. Hy tel sy kop op, luister en tel).

PIET: Een, twee, drie, vier, vyf, ses! En môre vroeg om sesuur . . . nog net twaalf uur!
(Spring op en begin op en af in die sel te loop. Dan sak hy weer in die stoel neer en staar strak voor hom uit. Daar kom 'n geraas van die deur wat met geklink van grendels oopgesluit word en ou Jan Vermeulen, die tronkbewaarder, kom op die toneel. Hy is geboë, met grys hare en het 'n bos groot sleutels in die een hand. Hy word gevolg deur 'n Tommie met 'n skinkbord met kosskottels en 'n bottel daarop. 'n Gewapende Kakie word half in die deur buite gesien. Die Tommie wat die kos dra sit dit op die tafeltjie neer en gaan weer onmiddellik uit. Sodra die geraas van die deur begin, sit Piet regop en kyk na die deur).

VERMEULEN *(kyk nuuskierig na Piet)*: Hier is vanaand vir jou lekker kos.

PIET *(mismoedig)*: Kos, wie het lus vir kos?

VERMEULEN: Lekker kos.

PIET: Waar kom dit vandaan?

VERMEULEN: Dit kom van die dorpsmense, van al kante af. Neem my raad en eet, eet! Eet jou trommeldik en gaan slaap.

PIET: Eet? Nee, ou man, ek kan nie. Neem dit maar weg en eet jy dit maar self.

VERMEULEN: Hoor wat ek jou sê, eet! *(Loop na die deur en draai daar om en vervolg)*. Is daar miskien nog iets wat jy wil hê? Die Generaal het gesê ek moet jou alles gee wat jy wil hê.

PIET: Dis 'n snaakse wêreld, nè. Hy veroordeel jou tot die dood en dan wil hy jou skielik gee net wat jy wil hê. Nee, ou kêrel, ek het nou niks meer nodig – nie. Dis maar net 'n paar uur wat oorbly nou, en . . .

VERMEULEN: Meneer . . . ek het jammer . . . sê my as ek iets vir jou kan bring. Miskien 'n pyp en tabak?

PIET: Ja, toemaar. Ek kan 'n skyfie vir oulaas rook. Maar sê my, ou man, is dit vir jou lekker om ander mense so op te pas; om hulle soos diere in hokke op te sluit? En is dit lekker om hulle so in eensaamheid te sien vergaan?

VERMEULEN (*trek skouers op*): Dis my werk. Ek is daaraan gewoond. Dertig jaar is ek al hier bewaarder. Ek was te oud om oorlog-toe te gaan en toe die Engelse deurkom . . . wel, my ou vrou is bedlêerig en ek mot vir haar sorg. Ek het maar aangebly.

PIET: En het jy al meermaal arme drommels soos ek hier sien sit en wag op die dood?

VERMEULEN: Net eenmaal, 'n moordenaar, maar jy is anders. (*Gaan uit en keer kort daarna terug met 'n brandende kers, pyp en tabak in die hand. Sit dit op die tafeltjie neer. Klok slaan sewe slae*).

PIET (*tel slae*): Sewe-uur! Watter klok slaan daar?

VERMEULEN: Dis die Hollandse kerkklok wat slaan. Die kerk is 'n hele endjie hiervandaan, maar sy slae kan 'n mens myle ver hoor.

PIET: Is dit die gesing wat ek vanmôre gehoor het?

VERMEULEN: Ja, Meneer, 'n mens kan die singery hier altyd baie duidelik hoor. Daar lui die derde gelui nou net vir die aanddiens. (*Kerkklok lui*). Maar (*kyk na toe skottels*) hoekom eet jy nie? (*Vat die bottel en tel dit op*). Wyn! Lekker wyn. Jy kan gerus 'n glasier drink. (*Betas die bottel asof hyself daarvoor lus het*).

PIET: Lekker kos. Wyn! Hoeveel male het ek nie daarna in die veld verlang nie, en vanaand kan ek dit nie geniet nie! Soos 'n hoender wat julle wil vetmaak vir die slagting, nè!

VERMEULEN: Nee, nee. Maar dit troos 'n bietjie as jy eet en wyn maak jou hart warm, lekker warm! (*Vat weer aan die bottel*).

PIET: Nee, ek wil tog niks hê nie. Ek is besig met briewe. As ek hulle hier op die tafel laat, sal jy hulle vir my besorg as . . . dit alles verby is?

VERMEULEN: O, ek het vergeet om te sê, as die kerkdien verby is, sal die predikant hiernatoe kom. Hy sal die hele nag bly. Gee die briewe en rig al jou versoeke aan hom. Ek mag nie iets ontvang nie.

PIET: Ek is bly dat 'n predikant kom. (*Trek papier en pen nader. Vermeulen bekyk hom so 'n oomblikkie en gaan af. Piet skryf so 'n rukkjie, dan kyk hy op en sien 'n kaartjie op die skinkbord lê. Tel dit op en lees*): "Van iemand wat aan jou dink en vir jou bid". Daar is darem iewers iemand wat aan my dink! Bid, bid, God weet, ek het voorbidding nodig vanaand. (*Spring op en begin heen en weer te loop*). Sterwe . . . môre om sesuur . . . sterwe! (*Tel treë . . .*) Een, . . . vyf! 'n Bietjie groter as die graf! Sou dit al klaar wees! En ek moet daarin! In die bloei van my jare . . . in die krag van my lewe! Koelbloedig voor die bek van gewere . . . dood . . . dood! (*Gaan weer sit*). O, Grieta, waar is jy? Dink jy vanaand aan my . . . weet jy . . . bid jy miskien vir my? As ek jou maar net eenmaal weer kon sien, net om vaarwel te sê. En Moeder, Moeder, daar ver weg, was u maar tog hier! Maar hier is niemand, niemand om by my te staan, my te help in my nood nie . . . en vanaand wil ek so graag lewe . . . sestig, sewentig jaar . . . maar môre . . . (*Laat sy kop weer op sy arms op die tafel val. 'n Rukkjie stilte – dan spring hy op en bedwing hom*). Nee, ek mag nie . . . ek sal nie . . . ek het dit geweet toe ek die wapen opgeneem het . . . en nou . . . nou gaan ek nie bang word nie. (*Gaan sit en trek papiere nader. Agter die skerm begin die koor te sing – soos in 'n kerk. Gesang 22, al die versies*).

Hy tel sy kop op en luister): O, die lieflike ou gesang. Dit het ek nog aan Moeder se knie geleer. Wees tevrede met uw lot . . . Rust mijn ziel . . . Ja, waarom sal ek bang wees . . . waarom ontevrede wees? God is Koning en Hy weet wat Hy doen.

VERMEULEN (*kom op*): Hier is 'n paar boeke om in te kyk . . .

PIET: Dankie, ou man. Jy is mos goed vir 'n rebel.

VERMEULEN: Al is dit jou ergste vyand as hy . . . moet gaan, voel 'n mens jammer. (*Kyk eers na die wynbottel . . . gaan af*).

(*Koor sing Gesang 58:7, "Ruwe stormen", ens. Piet luister, trek 'n Bybeltjie uit sy sak en lees. Ou Vermeulen kom weer huiwerig in*).

PIET: Dit lyk my jy kan nie wegbly nie. Is 'n veroordeelde man so 'n wonderlike ding?

VERMEULEN: Ekskuus my tog . . . maar, ek wou net vra . . . is jy bang? Ek is oud . . . ek weet die end van my riem is ook naby . . . sê my, hoe voel dit?

PIET: Ek was eers bang . . . maar nou . . . wel, ons moet tog almal eendag dood . . . en nou of later, wat kom dit op aan en . . . maar nee, ou man, ek is bang . . . bang vir een ding, nie vir die dood self nie, maar dat ek miskien môre . . . as ek . . . jy weet ek was op die slagveld, heeldag onder die koeëls deur en ek het nie omgee nie. Maar as ek dink dat 'n mens sommer so in die bek van die gewere moet kyk en wag en wag . . . dan word ek bang dat ek sal bang word . . . Ek bid maar net om genade om nie dan te beswyk nie.

VERMEULEN: Drink, drink . . . die hele bottel uit, dan sal jy nie weet nie.

PIET: Nee, Oubaas, ek mag nie . . . ek moet my uur deurmaak.

VERMEULEN: Jy is wonderlik. (*Skud kop*). Ek probeer om reg te lewe, maar as ek aan die einde dink, dan word ek benoud hierbinne (*druk op sy hart*). Ek is tog dankbaar dat ek nie vanaand weet wanneer my tyd is nie. Die Voorsienigheid is genadig dat Hy dit vir 'n mens verberg. Daarom het ek jammer vir jou, want jy weet wanneer . . . jy weet die uur . . . en dit moet bitter wees . . .

PIET: Ja, dis . . . bitter.

VERMEULEN: Ek voel so snaaks vanaand, nes of dit my eie uur is wat kom . . . Maar kyk, wil jy regtig nie die kos of wyn hê nie? (*Vat aan die bottel*).

PIET: Nee, naam die goed nou maar uit. Ek sal net 'n pypie rook. (*Steek die pyp op. Vermeulen gryp die bottel gretig*).

VERMEULEN: Wil jy glad nie die wyn hê nie? (*Piet skud sy kop*). Nou ja . . . as jy dan nie wil nie (*gryp die bottel, steek dit in sy baadjie weg en gaan vinnig af. Klok slaan agt-uur. Piet tel die slae . . . en hou hom 'n rukkie besig met skrywe, dan word die deur weer oopgesluit. Ou Vermeulen kom half wankelend in*): Hier is 'n vroumens om jou te sien. (*Sy tong is 'n bietjie dik. Aan iemand agter hom*): Net tien minute, Mevrouw, niks meer nie.

OU VROU (*Kotie in Tant Mina se klere, kom kruppel in. Hy het 'n groot kappie op en praat met 'n fyn stemmetjie*): tien minute is maar kort. Maak toe die deur dat ek met die seun alleen kan praat. (*Aan Piet*). Naand, my seun.

PIET (*wat intussen beleefd opgestaan het*): Naand, Tante.

KOTIE: Sit, seun. (*Piet gaan sit. Kotie kom vorentoe en gaan staan langs hom en lê sy hand op sy skouer*). Ek het 'n permit van die kommandant gekry om jou te kom sien. (*Kyk na die deur, sien Vermeulen verdwyn en dat die deur toegaan. Buig vinnig vooroor en fluister*): Piet . . . dis ek, Kotie . . . moenie roer nie. Ek kom jou haal. Dè, vat gou (*trek onder 'n manteltjie 'n rewolwer uit*) en steek weg! (*Piet gryp dit en steek dit in sy sak*). Die ouman is dronk . . . maar hier is 'n gewapende Kakie voor die deur en nog 'n wag voor die hek. Filant wag met die perde agter die rant, net hier agter die tronk. (*Hy kyk kort-kort deur se kant toe*). Die dorp is vol Kakies, maar as ons eers by die perde is, sal hulle ons nie vang nie. Al moet ek agterbly, dis niks nie, sorg dat jy wegkom. Al vang hulle my, kan hulle my niks doen nie; dus sorg dat jy uitkom. Nou kyk, as die ou man kom, nooi hom in. Ek sal hom pak en jy glip uit en oorrumpel die Kakie hier voor die deur.

PIET: As jy moet skiet, spaar die ou man.

KOTIE: Sjuut, hier kom hy. (*Hy begin weer soos 'n ou vrou hardop te praat toe die deur oopgaan*). Ja, my seun, hou maar moed . . .

VERMEULEN (*by die deur*): Dit tyd is om, Mevrou.

KOTIE (*hou sakdoek voor sy oë*): Ag, nog net een minuut.

VERMEULEN: Nee . . . kom! (*Praat swaar*).

PIET: Vermeulen, kom bietjie asseblief hier, ek wil jou graag iets vra (*staan op*).

VERMEULEN (*kom in, trek die deur agter hom toe en kom vorentoe*): Ja, wat is dit?

(*Piet en Kotie gaan hom tegemoet. Kotie hou nog die sakdoek voor sy oë, maar hulle loop so dat hulle Vermeulen tussen hulle kry, dan bespring Kotie ho en druk die sakdoek voor sy mond. Hulle stoei, val om en rol naderhand op die grond. Piet glip by die deur uit en daar kom 'n gedreun van buite af. Dan val daar nog twee skote. Piet spring by die deur in*).

PIET: Kotie, kom! Kêrel, die Kakies kom!

KOTIE (*laat ou Vermeulen los*): Vlug, man, die gang links af. Ek sal hulle hier besig hou.

(*Kotie yl die deur uit en ruk die kappie af. Ou Vermeulen sukkel op en waggel agterna; skreeu terwyl hy hardloop*): The rebel, catch him. Help, moord! (*Albei af. Agter die toneel is 'n rumoer. Skote val, 'n geskreeu en 'n alarmklok begin in die verte te lui. Die volgende uitroepe word gehoor: "There heg oes. Catch him. I've got him. Bring a light . . ." Skote in die verte. Dan kom twee Tommies op die toneel by die deur in. Hulle sleep vir Kotie in, terwyl 'n derde by die deur uitroep: "Here's another one." Hy sleep ou Vermeulen in en gooi hom neer, en 'n vierde bring 'n dooie Kakie in. Klok lui steeds.*)

ENGELSE SERSANT (*kom haastig in*): Have you got him?

TOMMIE: Yes Sir, the two of them and both as dead as doornails.

SERSANT (*bekyk liggame*): Good lord, you've killed a woman and the gaoler. You fools, you blockheads!

TWEEDE TOMMIE: That aint no woman, Sir. Look at 'er boots. (*Skop teen Kotie se skoene*).

SERSANT: It's not the rebel either! Run, you gaping fools. Get horses, follow him, catch him. (*Almal af, behalwe sersant*).

DANIE JOUBERT (*haastig op, uitasem*): Wat is dit? (*Sien sersant*) What's it, Sergeant? What is the alarm for?

SERSANT (*salueer*): The rebel has escaped, Sir, and these blockheads have gone and shot the gaoler, and this old woman or man, and let the rebel get clean away.

DANIE: Escaped . . . how is it possible! Wasn't there a guard at the door here?

SERSANT: Yes, Sir, but he surprised him and killed him. (*Wys na Tommie*). But what puzzles me, Sir, is this old woman or man in women's clothing . . . How did he get here?

DANIE: I wonder . . . it looks like some plot. I suppose old Vermeulen was a traitor.

SERSANT: Yes, Sir, but . . .

DANIE (*skielik*): Are you sure they are dead. (*Sak op hurke neer, draai Kotie om en herken hom*). Magtig . . . dis Kotie!

SERSANT: I beg your pardon, Sir?

DANIE: Nothing . . . just an exclamation, Sergeant. Run and fetch a doctor, quick and see to it that you catch that rebel. (*Betas Kotie se hart*).

SERSANT: Yes, Sir. (*Salueer . . . af*).

(*Sodra die sersant verdwyn, begin Danie eers Kotie se sakke deur te snuffel asof hy iets soek, dan gaan hy haastig na Vermeulen se liggaam en begin krampagtig sy sakke deur te soek, totdat hy eindelijk die nota kry. Hy trek die papiertjie uit, maak oop, skeur dit stukkend en steek dit in sy sak. Hy kom skielik orent as hy stemme hoor nader. Staan op en loop onverskillig rond toe die sersant terugkom . . .*)

SKERM VAL

TONEEL IV

(18 Maande later)

(Tent in 'n vrouekamp. Deurklappe oopgeslaan. Grieta sit binnekant op 'n kis mismoedig voor haar uit te staar. Haar klere is oud, en sy lyk treurig. Daar is een of twee kiste in die tent en eenkant lê beddegoed opgerol. Op 'n Seepkissie staan 'n keteltjie en 'n paar koppies en pierings. Buite staan 'n potjie op 'n vuur, Annie kom van agter om die tent met stukkie hout in haar voorskoot. Sy kniel by die vuurtjie en pak houtjies op).

ANNIE: Grieta, kom uit en sit 'n bietjie in die sonnetjie, dit sal jou goed doen, ou Sus.

(Sy kom slepend uit. Annie haal binne 'n kisse en sit dit vir haar voor die tent neer).

ANNIE: Sit, Sussie. En voel jy bietjie beter vandag?

GRIETA (*lusteloos*): Ek kan nie sê nie. Ag, Annie, dit word hier by die dag ondraagliker. Agtien maande sit ons al hier, en as 'n mens tog maar net nuus van die mans kon kry, maar geen taal of tyding nie. Sou hulle nog lewe?

ANNIE: Hulle is baie veiliger daarbuite, ou Sus, as die vroue en kinders in hierdie verpeste kampe.

GRIETA: Ja, hier is dit net siekte en dood – net waar jy gaan . . . en nou arme Moeder ook heen.

Abram (*gou*): Toe, toe, moenie nou daaraan dink nie, Sussie. Maar kyk 'n bietjie na die vuur, ek gaan gou kyk hoe dit met Mieta gaan.

(Terwyl sy om die eenkant van die tent verdwyn, kom Mieta steun-steun met haar hand gedruk op die maag die anderkant om en gaan sit by die tentdeur langs die vuur. Grieta vee trane van haar oë af).

MIETA: Ai, my Nonna, ekke is baie siek. (*Sien Grieta huil*). Jy huil, my Nonna? Waarom jy huil? Dit help niks nie! Ekke (*steun*) hette nie meer trane nie. Ekke hette my droog gehuil, en my harte is dood. Ouk, Nonna, die hele kamp hy huil. Die vrou, die kjen – almal hy huil heeldag, en almal hy bid, maar dit help nie. Die Groot Baas daarbo, Hy hette vergeet die Boer en Hy hor hom nie meer nie.

GRIETA: Haai, Mieta, moenie so praat nie.

MIETA: Dis waar, my Nonna. Kyk die vroue en die kleintjies wat hette niemand kwaad gedoen nie, hulle gaan aldag soos die vlieë dood. Kyke die grafte daarbuite, hy isse soos die bossies, baie, en aldag hy word meer (*steun weer*). Ag, my Nonna, ou Mieta hette baie seer . . . Wanneer ons gaan terug by die plaas?

GRIETA: Ek weet tog nie, Aia – miskien nooit nie.

MIETA: Au, my Nonna, ekke wil nie hier by die kamp doodgaan nie.

GRIETA: Jy sal weer beter word, Aia.

MIETA: Nee, my Nonna, ekke isse gedaan en hy huil vir die Ounooi, waarom? Hy hette nou lekker daarbo, die Ounooi. Hy rus, hy hette vrede. Hy voele nie meer die son nie, ook nie die koue in die tent by die nag nie. Hy voele nie die reën wat make hom nat nie en, o Nonna, hy hette ook nie meer die pyn hier by die maag nes ekke nie. (*Steun*).
Ag, Nonnie, helpe dan vir Mieta, hy kan nie meer hou nie.

GRIETA: Ag, Aia, ek kan niks doen nie. Help die medisyne nie wat jy daar by die kamphospitaal gekry het nie?

MIETA: Die medisyne! Wat help die medisyne? Dis die honger wat makke dat ekke doot en al die witmense hier doot. Ag, Nonnie, gee dan vir my kos.

GRIETA: Aia, jy weet mos ek sou jou alles gee as ek dit net gehad het; maar hier is niks nie, net 'n stuk droë brood.

MIETA: Die brood, hy is te hard, hy steek hier vas by die keel, en die vleis hier by die kamp is sleg. Ekke wil hê die mellek, die mellek.

GRIETA: O Aia, waarom het jy saam met ons gekom? Waarom het jy nie by die ander volk agtergebly nie? Jy kan nog uitgaan as jy wil, en in die dorp gaan woon, nes jy gesond is. Jy sal gou-gou daar werk kry.

MIETA (*skud kop*): Nonna, toe die Oubaas hette weggerhy hy hette gesê: "Mieta, pas oppe vir die Ounooi en die Nonnas." Hoe kan ekke laat staan die Nonnas. Vandag die Ounooi isse weg en ekke moet bly by die Nonnas.

ANNIE (*kom haastig om die tent met blikkie melk in die hand*): Mieta, waar is jy? En hoe durf jy van jou bed af opstaan? Kyk hier het ek 'n bietjie blikmelk vir jou gekry.

MIETA: Die blikmellek! Sies, ekke wil hom nie hê nie. Hy makke my nog sieker. Ekke wil die koeimellek hê.

ANNIE (*paai*): Ag toe dan, ou Aia, drink dan. Ek het so gesukkel om dit te kry. Ek sal dit lekker aanmaak met 'n bietjie warm water.

MIETA (*nors*): Ekke wil hom nie hê nie. Dis die esel se mellek. O Nonna, daar by die plaas die laaste swart man, die hond, die katte en die varke, almal hy suipe hom dik aan die mellek, en nou ekke hy moete dootgaan van die honger vir die mellek. (*Begin steun-steun weg te kruip*).

ANNIE: Moenie weggaan nie. Sit maar nog so 'n bietjie by die vuur.

MIETA: Nee, my Nonna. Ekke is klaar. Hy gaan daar by die bed, hy sal nie weer môre die son sien nie. (*Af... Annie agterna. Na 'n rukkie kom sy terug*).

GRIETA: Annie, kan ons dan niks doen nie? Ek kan Mieta se gekerm nie meer aanhoor nie.

ANNIE (*hurk by die vuur – blaas dit aan die lewe*): Niks meer nie, Grieta. Die arme Grieta vergaan voor ons oë en ons is hulpeloos . . . hulpeloos. Ag, Grieta, om te dink die ou skepsel het uit getrouheid saamgekom en nou moet sy so ly. Vandag verloor ek ook regtig moed.

GRIETA (*verwonderd*): As jy, wat so hard is, só praat, hoe moet ek nie voel nie – en as jy moed verloor, wat word van ons? (*Huil*).

ANNIE: Nee, Sussie, ek speel somer. Ek is vol hoop en vertrou. Alles sal nog regkom. (*Staan op en lê haar hand op Grieta se skouer*). Moenie huil nie, Sussie. Probeer om sterk te wees. Ons het swaar, maar nog nie so swaar as ander nie. Ons het verloor, maar nog nie soos ander nie en ons het nog vir mekaar. Ek kom nou van 'n arme moeder wat vandag haar agtste en haar laaste kindjie na die graf laat dra het. Dink aan haar, Grieta, en dank God vir Sy goedheid aan ons. Droog af jou trane, Sussie. Trane is volop in die kamp. Laat ons maar glimlag en moed hou. Alles kry 'n end en aan hierdie ellende moet 'n end kom.

GRIETA: End! . . . Ek glo nie daar kom ooit 'n end nie. Dit lyk my die Boerenasie moet nou maar hier uitsterwe. Mieta het reg . . . God het ons vergeet.

ANNIE: Grieta, ons mag nie so praat nie. Kom, staan op en laat ons vir tant Sara hier naasaan gaan kuier.

GRIETA: Nee, nee. As jy daar kom, dan praat sy ook maar net van siekte en die kinders wat begrawe word . . . en o, Annie, ek mis tog my moeder so baie. (*Snik*).

ANNIE: Kyk, Grieta, hoe lieflik skyn die sonnetjie en hoor daar fluit 'n veldvoëltjie in die bossies. Die wêreld is nog mooi Grieta, al is dit al winter. Weet jy wat maak ek as ek voel my hart word droewig? Ek verbeel my allerhande mooi dinge. Hierdie ou vaal seile is die blink mure van 'n heerlike paleis. Die harde, koue vloere word 'n sagte verebed en hierdie ou gelapte rok, 'n pragtige sytabberd wat blink en ritsel as jy loop; en as die droë korsies onder my tande kraak, dan dink ek hoe heerlik smaak so 'n tertkorsie tog, en, ou Sussie, as ek jou so treurig sien sit, dan dink ek aan die dag waarop jy en Piet ewe gelukkig na die preekstoel stap.

GRIETA (*spring verontwaardig op*): O, Annie, hoe kan jy so kinderagtig wees as 'n mens alreeds so vol kommer en angs is? (*Gaan om die tent . . . af*).

(*Annie gee 'n sug, dan gaan sy weer gehurk by die vuur sit. Blaas 'n bietjie die vlammetjie aan, sit 'n paar stokkies by, kyk in die potjie, gaan in die tent om 'n lepel te haal. Roer in potjie, ens., gaan eindelijk moedeloos op die kissie sit. Agter die skerm kom 'n skielike geraas van baie vrouestemme. Gepraat en uitroep. Annie spring op toe Grieta opgewonde aangehardloop kom*).

GRIETA: Annie . . . Annie. Waar is jy? Dis vrede, (*sy val Annie om die nek*) dis vrede, Annie! (*Lag en huil deurmekaar*). Ons ellende is oor!

ANNIE: Wat sê jy . . . vrede?

GRIETA: Ja, dis vrede! Ons kan huis-toe gaan. O, ek is so bly! (*Spring rond*).

ANNIE (*gryp haar krampagtig aan die arm*): Waar kom jy daaraan?

GRIETA: Die hele kamp weet dit. Die kommandant en Danie Joubert is hier. Hulle het dit kom bekend gemaak. Hoor hoe raas die vrouens! O, dink daaraan die oorlog is verby . . . die vreeslike oorlog.

ANNIE (*skud haar driftig*): Ja, maar hoe . . . sê dan, wie het gewen?

GRIETA: Ek weet nie, ek gee ook nie meer om nie. Ek weet net dis vrede en dat die arme vroue en kinders nou kan huis-toe gaan.

ANNIE (*slaan hande inmekaar*): O, wat beteken dit? Het ons dan verloor? Was al ons swaarkry en verdriet verniet!

DANIE JOUBERT (*kom op*): Middag, Annie, ek bring julle net die blye tyding. Die Boere het hul wapens neergelê, vrede is verklaar en nou is julle almal vry om terug na jul huise te gaan.

ANNIE: Die Boere wapens neergelê?

DANIE: Ja, onvoorwaardelik ingegees.

ANNIE: Dit . . . kannie wees!, O, dit kan nie so wees nie!

DANIE: Dis tog so, Annie, en nou laat my julle help om huis-toe te gaan.

ANNIE: Hulp van jou? . . . Jou, jou . . . Jy wat gehelp het om ons Boere te breek . . . Loop, loop hier weg.

DANIE: Maar Annie, luister. Julle het geen duit nie, wat sal van julle word, en plaas-toe kan julle nie. Laat my julle help totdat jul mense van die veld af kom

ANNIE (*baie driftig*): Al kruip ek op my knieë plaas-toe, al vergaan ek, al sterf ek, van jou sal ek geen hulp aanvaar nie. (*Stamp met haar voet*). Loop! Ek sê vir jou loop!

DANIE (*trek skouers op*): Wel, as jy dan so onredelik wil wees . . . (*Af*).

(*Annie sak op kissie neer en begin te huil*).

GRIETA (*verbaas*): Maar, Annie, nou verstaan ek jou nie. Toe almal hier trane gestort het, toe was jy vol moed, maar nou dat die verlossing kom, huil jy. Is jy dan nie bly om uit die kamp te kom nie, om weer huis-toe te gaan nie? Ek is bly! (*Sy begin kiste oop te maak en goed uit te haal en te pak, ens.*). O, so bly. Nie meer op die harde grond slaap nie . . . nie meer hongerly nie.

ANNIE: O, die skande . . . die skande! Ons het verloor, Grieta, onvoorwaardelik ingegees.

GRIETA: Maar, Annie, ons Boere kon nie anders nie. Dis terwille van die vroue en kinders, anders was ons hier in die kampe heeltemal uitgeroei. Dink daaraan en wees bly . . . en ook . . . nou kan Pa en Piet en Kotie weer huis-toe kom. O . . . een van die dae sien ons hulle almal weer!

ANNIE (*vee trane af*): Bly, bly? Nee, Grieta, nog nooit in al hierdie tyd, nie eers in al die lyding en verdriet hier, het ek eenmaal so hartseer gevoel soos nou nie. Ons was elke dag op begrafnisse gewees, maar vandag staan ons by die grootste begrafnis van almal, Grieta, die begrafnis van ons volk.

GRIETA: Maar, Annie, dis vrede en dinge sal nou regkom.

ANNIE: Vrede, so 'n vrede! O, Grieta, (*snik*) ons Boerenasie is geen vrye volk meer nie.

(*Aantal vroue kom opgewonde om die tent. Daar is 'n deurmekaar geroep van vrede . . . vrede . . . maar Annie sit en snik.*)

SKERM VAL

DERDE BEDRYF

TONEEL I

(Drie maande later).

(’n Kaal kamertjie met ’n tafeltjie, ’n paar stoele, ’n naaimasjien en stukkies naaldwerk daarby. Grieta sit by tafeltjie hard besig met naaldwerk as skerm opgaan. ’n Venster regoor die gehoor).

LETTIE TRUTER *(kom op met oop brief in die hand)*: Grieta, kind, tant Mina skrywe sy voel siekerig en ek moet huis-toe kom.

GRIETA: O, ek is jammer, Tannie. Ek hoop dis niks ernstigs nie. Liewe ou Tante.

LETTIE TRUTER: Nee. Om die waarheid te sê, ek dink Tante voel net ’n bietjie eensaam sonder my. Nog nooit Was ek weg van die huis af sonder haar nie.

GRIETA: En vir ons het Tannie al die opoffering gemaak. Hoe sal ons Tannie ooit kan terugbetaal?

LETTIE TRUTER: Opoffering? Poef! Dis ’n plesier, en my hart is net seer dat ek julle nou moet verlaat. Ek sou so graag wil bly totdat julle heeltemal op die been is. Ag, Grieta, waarom is julle so koppig? Ek het ’n groot, leë huis net vir Tante en my – kom bly by ons, totdat jou pa terugkom. Waarom moet julle hier so slaaf en werk?

GRIETA: Tannie het alreeds te veel vir ons gedoen – ons wild-vreemdelinge – en dit sal ons jare neem om ons skuld aan Tannie af te betaal.

LETTIE TRUTER: Ek wil geen terugbetaling hê nie . . . vir die bietjie wat ek kon doen.

GRIETA: Bietjie! Wat sou van ons geword het? Twee meisies sonder ’n dubbeltjie in die wêreld . . . As Tannie ons nie by die kamp kom haal en vir ons gehelp het dat ons terug na ons ou dorpie kon kom, en selfs vir ons met ordentlike klere voorsien het nie, dan weet ek nie wat ons sou aangevang het nie. Selfs die masjien wat hier staan, is Tannie s’n.

LETTIE TRUTER: Dis ’n oue wat ek nooit meer gebruik het nie.

GRIETA: Almiskie! Daarsonder sou ons nie in staat gewees het om nou met naaldwerk die skoorsteen te laat rook nie.

LETTIE TRUTER: Ons arme mense is uitgeroei en ons moet bymekaarstaan. My hart bloei vir my volk, kind. En wat kan ek doen, is tog so min. Julle het alles verloor, alles prysgegee vir jul land en ek niks nie! Julle het in die kampe gely, terwyl ek in my huis in die dorp gesit het. Nee, kind, moenie my die bietjie verwyt nie. Laat my liewers toe om te doen wat ek kan, dan sal my hart minder seer en skuldig voel. Ag, Grieta, laat my toe om julle te help soos ek graag wil.

ANNIE (*kom vrolik in*): Liewe ou Tannie! Praat jy alweer daaroor! (*Gooi haar hoed op 'n stoel neer, omhels mej. Truter en soen haar*). Ek kan Tannie sommer so skud en opeet uit skone liefde en dankbaarheid, maar dis onmoontlik, Tannie. Ons kan nie 'n dubbeltjie verder ontvang nie. Kyk, Tannie, ons het onafhanklik groot geword, en ons is nie bang vir werk nie. 'n Boeremeisie is daaraan gewoond. Ons is altwee jonk en sterk en dit sal 'n skande wees as ons van Tannie moet lewe!

LETTIE TRUTER: Ag, my kind, dis 'n plesier . . .

ANNIE: Ja, ek weet, Tannie. Jy sal jou hele hart weggee as ons dit net wil neem. Nee, nee, ons gaan nou baie geld maak. Die vrou is baie tevrede met die rok wat ek vanmôre vir haar geneem het, en ek het 'n hele boel meer werk gekry. O, as ons so aanhou, is ons netnou skatryk. Wanneer Oom terugkom, kan hy die plaas opbou solank ons geldjies maak om weer vee te koop. En as Tannie ons eendag weer sien, stap ons in stywe syrokke rond!

LETTIE TRUTER (*gestoord*): Nou ja, as julle dan so goed sonder my kan klaarkom, sal ek maar stilbly. Maar ek wou so graag help.

ANNIE: Tannie, as jy wil help, daar is nog baie ander wat hulp honderdmaal meer nodig het as ons. Gaan soek maar. Daar is die arme weeskindertjies wat sonder moeders uit die kampe kom, en daar is vrouens wat gebroke uitgekom het om te vind dat daar geen man of steun vir hulle is nie. Tannie het ons al klaar op die been gehelp.

LETTIE TRUTER: Ja, Annie, jy het reg. Daar is baie mense wat hulp nodig het, en al wat ek kan doen, sal ek doen. Maar ek moet nou gaan pak as ek vanmiddag nog moet weg.

GRIETA (*gryp haar aan die hand*): Ag, Tannie, voor jy gaan, vertel ons eers weer daardie storie van die tronk en Piet.

ANNIE: En van Kotie . . . ag toe, Tannie.

LETTIE TRUTER (*kyk van die een na die ander en skud die kop*): Piet . . . Kotie! Wat die hart van vol is, loop die mond van oor . . . O! Julle kinders! Nou ja, (*gaan sit*) kom sit julle hier by my. Dit was in Oktober, byna twee jaar gelede en een aand sit ons aan tafel en voel baie hartseer. Die dapper rebel van wie ons so baie gehoor het, sit in die tronk en sou doodgeskiet word. Daar kom skielik 'n tikkie teen die venster en ek gaan versigtig uit – ek was gewoond om daardie tikkies te hoor. Al was die dorp ook hoe vol Kakies, het die Boere altyd kos en klere by ons kom haal.

ANNIE: Dan sê Tannie nog jy het niks gedoen nie!

LETTIE TRUTER: Buite kry ek vir Kotie Smit. Ek het hom nie geken nie, maar hy vertel my alles. Filant, die ou jong, het in die dorp kom spioen en het van ons gehoor. Kotie vertel my toe sy plan. Hy het die tronk en dorp goed bekyk. Hy kon Piet uitkry as hy net by hom in die tronk kon kom. Ek kon hom nie help nie, want ek was op die kommandant se swartlys, en toe hy hoor wie toe kommandant was, verloor hy ook moed. Dit was ou tant Mina wat gesê het, toe sy hom alles uitgevra het: “Laat dit aan my oor, ek sal die pas kry.” En sy het ook.

ANNIE: Liewe, ou Tante, hoe het sy dit reggekry?

LETTIE TRUTER: Ek weet nie, sy wou nooit eintlik sê nie. Al wat ons gehoor het, na hy die aand in Tante se klere weggegaan het, was die alarmklok en 'n hewige lawaai in die dorp. Die volgende môre het ons verneem die rebel het ontsnap, en dat Jan Vermeulen in die geveg doodgeskiet is. Verder het ek tot vandag toe niks van hom gehoor nie.

ANNIE: Wat vir my snaaks is, is dat Tante hulle nie in die knyp gekom het nie.

LETTIE TRUTER: Vir my ook, maar as ek dit aan Tante sê, lag sy lekker en sê: "A, daar lê die ding," en dit is al wat ek ooit uit haar kon kry. Ons was darem skrikkerig. Ons het nie eens gewaag om ooit die kommandant 'n pas te vra om julle in die kamp te besoek nie.

GRIETA: Ek vermoed Danie was self te bang om ooit uit te laat van die pas, en Vermeulen was dood.

LETTIE TRUTER: Ja . . . maar kyk, ek moet nou gaan klaarmaak. *(Gaan haastig af)*.

ANNIE: Grieta, ek kan nie meer wag om hulle te sien en die storie van hul eie lippe te hoor nie.

GRIETA: Ag, Annie, waarom kom hulle nie uit nie! Ons is al drie maande uit die kamp, en die ander mans is byna almal terug. Wat sou hulle terughou? En sou die rebelle nou veilig wees?

ANNIE: Ons moet maar geduld hê, Grieta, ons wag al so lank. En 'n mens weet nooit waar hulle was toe die vrede gekom het nie . . . miskien oor see . . . en veral die rebelle moes versigtig wees. Maar noudat daar amnestie verleen is, sal hulle gou huis-toe kom.

GRIETA *(mismoedig)*: Ja, 'n mens weet nooit nie . . . miskien is hulle ook nie meer daar nie.

ANNIE *(skerp)*: Grieta, moenie! Hulle sal, hulle moet terugkom. O, dink daaraan hoe heerlik sal dit wees om hulle weer te sien. Piet en Kotie, Grieta, het seker elkeen nou al 'n lang baard, en hoe snaaks sal hulle nie lyk nie . . . verflenter en verbrand! En Oom met baie grys hare op sy kop.

GRIETA: Annie, hoe sal ons Pa van Ma vertel. *(Sy stap na die venster en kyk uit en gee 'n gil)*.
O, Annie, dis hy, dis hy. *(Snel kamer uit - af)*.

ANNIE: Wie? *(Sy kry geen antwoord nie, spring opgewonde op en hardloop na die venster, kyk uit, sien niks. Snel na die deur, maar Piet kom in met Grieta aan sy arm)*.

GRIETA: O, Annie, dis hy . . . hy het gekom.

ANNIE: Piet, Piet, ek is so bly. Is dit regtig jy?

PIET: Annie, ou niggie, en ek dan om julle weer te sien. *(Groet hartlik)*.

ANNIE *(kyk verwagting na hom en die deur)*: Piet, is jy dan alleen? *(Piet staar voor hom uit en sê geen woord nie)*.

GRIETA: Piet, waar is Pa, en . . .

ANNIE (*angstig*): En Kotie, Piet?

PIET (*treurig*): Grieta, Annie, hoe kan ek julle sê . . . Oom, liewe ou Oom, is al byna twee jaar heen – die aand toe die Engelse my gevang het, is hy geskiet.

GRIETA: O, arme Vader! (*Snik en lê haar kop teen Piet se skouer*).

ANNIE (*sak op die stoel neer by die tafeltjie*): Gesterf vir sy land en volk. Liewe, dierbare Oom . . . en Tante! Hulle is nou bymekaar. Die troue harte was die bitterheid gespaar om in eensaamheid agter te bly en te treur en kwyn. Dis beter so, Grieta, dat net ons jonges agterbly om die moeilike lewenstryd voort te sit. (*Rukkie stilte. Annie staan op, loop na die venster, tuur uit, dan draai sy om*). Maar Piet, wat van Kotie, waar is hy dan?

PIET (*treurig*): Ek weet nie, Annie!

ANNIE (*skerp*): Jy weet nie – jy weet nie! Was hy dan nie saam met jou nie?

PIET: Die laaste wat ek hom gesien het, was die aand by die tronk. Ek het baie na hom gesoek, maar verniet.

GRIETA: O, Piet, dan is hy ook dood? (*Huil*).

ANNIE: Dood, dood . . . nee, hy is nie! Dit kan nie wees nie, hy moet kom . . . hy moet!

PIET: Ek moes die wag by die deur oorrumpel. Ek wou hom bekruipe en bewusteloos slaan, maar hy het my gewaar en 'n skoot afgeskiet en ek . . . ek moes hom maar skiet. Die skote het die ander gewaarsku en die Kakies storm ons . . . Kotie het vir my geskreeu ek moet vlug, hy sou hulle besig hou . . . Ek het skaars weggeklim. Hulle was die hele nag op my hakke . . . maar ek het in die berge gewag. Daar het Filant my weer gekry. Hy het weggekruipe . . . agtergebly . . . hy sê . . .

ANNIE: Ja, wat?

PIET: Hy het Kotie sien val, maar niemand kon ooit uitvind wat van hom geword het nie.

GRIETA: O, Piet, waar kan hy wees?

ANNIE: Was hy dood . . . sou ons dit gehoor het . . . miskien was hy gevang en weggestuur.

GRIETA: Dan sou ons dit ook gehoor het. Tante Mina sou gehoor het.

ANNIE (*almal stil vir 'n rukkie*): Piet . . . Grieta, julle wil seker graag alleen wees . . . gaan na die sitkamer hier langs. Ek wil werk (*gaan sit by die masjien – hulle gaan af. Toe hulle uit is, lê sy haar kop op die tafel en begin te snik. Filant kom huiwerig in*).

FILANT: Nonna.

(*Annie spring op en vee trane af*).

FILANT: Middage, my Nonna; ouk, middage, my Nonna.

ANNIE (*hartlik*): O Filant . . . is dit jy, my Outa! Ag, ek is bly om te sien dat jy nog lewe.

FILANT: Ja, my Nonna, die Kakie hy hette baie geskiet, die honger hy hette gebyt, maar ekke is taai. Almiskie my peperkorrels is grys . . . ekke isse sterk . . . ekke kom weer terug. Maar, my Nonna, ouk, hy is maer geword, hê!! Waar is die ounooi en nonna Grieta, Nonna? (*Kyk in die kamer rond*).

ANNIE: Nooi Grieta is daar binne by baas Piet, maar die Ounooi, Outa, het siek geword daar by die kamp en . . . sy is dood, Outa.

FILANT (*skud sy kop treurig*): Die Oubaas hy isse ook doot . . . en die Ounooi ook.

ANNIE: Outa, sê my, jy was die aand ook daar, waar is baas Kotie?

FILANT: Ekke weette nie . . . ekke dink hy isse ook doot . . . daar by die tronk ekke het gehoor die skote en ekke hette gesien die basie hy val . . . Ekke hette later weer gaan soek, maar almal hy weette niks nie. (*Annie draai skielik om en gaan staan voor die venster – stilte*).

FILANT: Nonna Annie!

ANNIE (*half-versmoorde stem*): Ja, Outa?

FILANT: Die ou jong . . . hy soeke . . . Mieta.

ANNIE (*draai vinnig om*): O . . . Outa, Outa. Ek is selfsugtig, ek het vergeet . . . Ag, Outa, die ou aia . . .

FILANT: Waar is hy? Hoekom ekke sien hom nie?

ANNIE: Outa . . . sy het by ons gebly, getrou gebly tot die laaste dag. Toe die vrede kom, daardie dag het sy ons verlaat.

FILANT: Waar hy hette gegaan? My Nonna, sê my gou ekke hy verlang baie.

ANNIE: O, Outa, sy is nier meer op aarde nie, sy is . . .

FILANT (*kyk haar dof aan*): Doot? Mieta, hy isse doot?

ANNIE: Ja, Outa.

(*Filant gaan skielik op sy hurke sit, sê niks nie en kyk net voor hom uit*).

ANNIE: Outa, ag, Outa . . . ek weet wat dit is . . . ek weet dis hard. Maar Outa, ons moet almal die prys van die oorlog betaal.

FILANT: Ja, Nonna. Die Groot Baas daarbo Hy weette wat Hy doen . . . die mens hy kan sê niks nie. Net, my Nonna, ons Boerenasie hy kry nou darem te swaar (*staan sukkelend op*). Die ou man, hy is oud en kapot, en nou hy isse alleen! Middage, Nonna. (*Af.*)

SKERM VAL

TONEEL II

(’n Jaar daarna).

(Tuin in die aand. ’n Oop deur waardeur lig straal. Donker op toneel. Vrolike musiek – ’n konsertina en viool speel ’n vastrap agter die skerm. Baie stemme en dansgetrappel. As die skerm opgaan is niemand op die toneel nie. Annie kom in aandklere by die deur van agter af en staan effens in die lig; dan gaan sy langsaam op ’n tuinbankie onder ’n boom sit. Oom Gerrie kom ’n klein rukkie later ook by die deur op en kyk rond.)

OOM GERRIE: Annie, Annie, waar is jy? O. hier! Hoekom sit jy hier alleen in die donker, kind? Kom dans gou ’n walsie met my.

ANNIE: Ek het nie lus vir sulke dinge nie, Oom. Hul geluk maak my hart net seer. Piet en Grieta vandag getroud . . . hulle vier bruilof; hulle beker van geluk is vol en myne . . . Oom . . . is leeg.

OOM GERRIE: Kind, treur jy dan nog? Jy was nog altyd so opgeruimd, ek het gemeen . . .

ANNIE: Oom, ek treur nou eers . . . ek het nog altyd die hoop gekoester dat hy tog nog sal terugkom maar nou . . . Ag Oom, as hy maar net geweet het . . . maar hy is weg en ek het met hom gespeel . . . hom nooit gesê nie . . .

OOM GERRIE: Maar, kind . . . troos jou. As hy daarbo is, weet hy nou tog alles.

ANNIE: Ja, Oom, maar as ek maar net wis waar hy lê . . . dat ek tog ’n kransie kon lê . . . is dit op die oop wye Vrystaatse vlaktes, of is dit in ’n verre, onbekende land . . . of rus hy miskien op die bodem van die groot oseaan . . . O, as ek maar net wis, dan sou dit ook al troos.

OOM GERRIE: Kyk, vergeet nou maar die dinge . . . *(Gaan sit langs haar)*. Hoor hoe vrolik is die musiek . . . laat ons maar tesame . . .

ANNIE: Nee, nee . . . Oom, ek kan nie.

OOM GERRIE: Annie, ek het gehoop . . . ’n jaar is verby, jy sal tot berusting kom en my ’n kans gee . . . Annie, jy weet hoe dit is met my.

ANNIE: Ek weet, Oom . . . maar, Oom, soos dit met Oom is, is dit met my! Ek kan nie vergeet nie. Ag, oom Gerrie, kon jy hom dan nie vir my terugbring nie.

OOM GERRIE: Jy weet, kind, ek sou alles op aarde doen om jou gelukkig te maak. Jy weet ek het oral gesoek en verniet. Annie, dis ’n jaar nou. As hy nog lewe, dan was hy al hier.

ANNIE: En tog, Oom, kan ek nie help nie . . . ek voel hy is hier naby. Hulle sê as ’n mens daarbo is en jy sien jou geliefdes op aarde treur, dan kom jou gees na hulle om hulle te troos. Dit moet seker so wees, Oom, want al is my hart so vol smart vanaand, voel ek tog hy is naby my.

OOM GERRIE (*vat haar hand*): Kind, moenie so praat nie. Dit maak my hartseer om jou so te sien treur, jy wat altyd so vrolik soos 'n voëltjie was. Annie, ek is 'n eensame ou man, baie ouer as jy, maar ek het jou lief. Gee my 'n kans om vir jou te sorg en jou te troos; ek sal my bes doen om die lewe vir jou gelukkig te maak.

ANNIE: Oom, ek is jammer . . . maar ek kan nie. Moenie my dit vra nie, ek sal nooit trou nie . . . ek sal nooit weer gelukkig wees nie. Voor die oorlog was ek 'n sorgelose kind . . . 'n vlinder wat alleen die soetheid van die lewe ken . . . maar die oorlog het my oud gemaak, en my hart sal nooit weer juig nie. Ag, Oom, gaan dans maar met ander nooiens, en laat my maar liewers alleen hier vanaand.

(*Oom Gerrie staan op, sug*).

OOM GERRIE: Ek is jammer, Annie . . . maar ek hoop, en sal altyd hoop . . . miskien eendag.

ANNIE (*spring impulsief op*): Ag, Oom, liewe Oom (*vat hom aan sy baadjie*). Die wêreld is so agterstevoor. Waarom moet jy nou . . . só voel teenoor my, en ek . . . waarom moet ek tevergeefs roep na hom wat ek lief het! Laat ons maar vriende wees en mekaar troos.

OOM GERRIE: Ja, Annie. Sy weë is duister . . . Laat ons maar geloof hê. Alles sal regkom.
(*Druk haar hand, draai om en gaan by verligte deur af. Agter die bome, links, kom Danie Joubert op*).

DANIE: Annie, moenie skrik nie . . . dis ek, Danie Joubert.

ANNIE (*kwaad*): Jy . . . jy! Wat maak jy hier? Jy weet ek wil jou nie sien nie.

DANIE: Ek weet jy verfoei my – almal verag my. Mense weier om my die hand te gee en ek durf nie daar in die dansaal gaan nie, want niemand wil iets met my te doen hê nie! Julle noem my 'n verraaier; ek weet nou ek was 'n verraaier, maar, Annie, ek het spyt. Hoe groter die sonde, hoe groter die berou en God weet, ek het berou . . .

ANNIE: Wat help berou! Maklik om te praat van berou! Berou . . . berou (*smalend*) . . . sal dit vir ons land teruggee . . . sal dit die dooies weer lewendig maak . . . wat julle help vermoor het!

DANIE: Juis daarom het ek berou, en in my bitterheid en spyt het ek baie gedink en dinge het vir my helder geword, wat julle nooit besef nie. Waarom het ek, waarom het honderde ander Afrikaners, soos ek, so maklik ons volk in die steek gelaat en oorgeloop na die vyand toe? Dis nie 'n ding wat 'n mens in ander nasies sien nie. Waarom dan het die Boere, wat tog goeie bloed in hulle het? Het jy ooit al daaraan gedink? Daar moet 'n rede wees.

ANNIE: Ja, lafhartigheid en vrees vir jul eie velle!

DANIE: Nee, Annie, die Boere is nie lafaarde nie . . . daar is 'n ander rede, en ek sê vir jou die rede is dit: die invloed van 'n vreemde taal en vreemde gewoontes, wat jare lank al deursyfer en ons volkslewe ondermyn het. Ons was twee Hollandse Republieke, maar nieteenstaande dit het 'n vreemde taal, die Engelse taal, posgevat in ons land en in byna elke huisgesin, veral by die stedelike gesinne, het die taal en 'n vreemde gees sy invloed laat geld. Dit het ons sienswyse verdraai, en ons harte verswak en ons oë verblind, en toe die vyand kom met sy taal en maniere wat ons ken, voel ons sommer tuis by hom en ons het oorgeloop.

ANNIE: Al die slimpraatjies klink mooi . . . maar julle bly tog maar hensoppers.

DANIE (*driftig*): Hensopper, verraaiers! Ja, noem my maar wat jy wil, maar is jul eie harte so skoon as wat julle dink? Die proses van oorlopery het begin sê ek jou, al jare voor die oorlog . . . met die aanleer van die Engelse taal en manier en ons “National Scouts” was maar die natuurlike gevolg daarvan. Die oorlog het die Boere uitgeroei, maar hy het ook gekom om ons mense wakker te skud en te red. Die harde slag het ons wakker gemaak en nou eers, Annie, gaan die Boere in die ware sin van die woord ’n Boerenasie word en selfs vir sulkes as ek is daar nog kans. O, Annie, ek het baie spyt . . .

ANNIE (*koud*): Kyk, Danie, ek het nie nou tyd vir praatjies nie . . .

DANIE: Ja, ek weet jy glo my nie, maar ek sê jou, ek gaan voortaan ’n nuwe lewer lei: Ek gaan hierdie streek verlaat; ek gaan ’n nuwe begin maak en ek gaan probeer om te vergoed wat ek in die verlede verbrou het. Annie, kan jy my vergewe en my net hierdie eenmaal die hand gee? (*Steek hand uit*).

ANNIE: As ek daaraan dink hoedat julle, wat Boere is, die vyand oor ons land gelei het; hoe julle die huise help afbrand het, en ons vrouens en kinders vervolgt het; as ek maar dink aan één arme vrou wat agt kinders een na die ander moes afgee, wat naderhand self deur honger en verdriet die graf moes in en wat met haar sterwende lippe nog kon fluister: “Sê aan my man hy moet veg tot die bitter einde toe” . . . dan het ek net één antwoord vir sulkes as jy: Weg van my!

DANIE (*laat arm val*): Jy is hard . . . maar, Annie, ek het diep geval, tog vir die grootste sondaar is daar vergifnis en weer ’n kans as daar berou is. Ek weet ek sal eendag ’n kans kry om my volk te vergoed wat ek misdryf het. Annie, ek gaan weg en sal jou nie weer lastig val nie, maar daar is iets wat ek jou wou vertel – dis van Kotie.

ANNIE (*vinnig*): Kotie?

DANIE: Ja, ons dag hy was dood. Daar was ’n geveg by die tronk, maar hy was nie . . . net swaar gewond deur die been en die skouer. Die dokter het hom die volgende môre na die hospitaal in Bloemfontein gestuur vir ’n operasie. Hy het gesond geword, en is toe na Indië gestuur; maar hy was daar geen ses maande nie, of hy het ontsnap. Wat van hom daarna geword het, weet geen mens nie!

ANNIE: En waarom vertel jy my dit nou eers? . . .

DANIE: Annie . . . jy weet ek het jou lief . . . en ek het gedink as hy uit die weg is en jy dink hy is dood, sal ek . . . ’n kans kry om jou te kry, maar ek sal gaan . . . Vaarwel, Annie.

ANNIE (*skielik jammer*): Danie! (*Steek hand uit*). Ek durf jou nie so laat gaan nie. Dis geskrewe ’n mens moet vergewe tot sewentigmaal sewe, en dis nie vir my om te oordeel nie. Danie, jy het reg, ons volk is nie dood nie, al het ons swaar gely. Ons gaan uit die as opstaan en ons gaan stry totdat ons ’n groot, sterk volk word. En, Danie, selfs vir jou, as jou berou waaragtig is, sal daar werk wees om te doen. Laat ons die verlede nou maar vergeet . . . dit is verby; ons kan dit nie herroep nie; maar die toekoms lê voor. Onthou dit en sorg dat jou nasie jou nie weer hoef te verwyt nie. (*Groet hom*).

DANIE (*groet*): Dankie, Annie! Omdat ek so baie op my rekening het, sal ek soveel harder streef om te vergoed. Vaarwel, Annie . . . en onthou, as ek ooit iets vir jou kan doen, sal ek dit met my hele hart doen. (*Soen haar hand en gaan af*).

(*Annie bly staan, waar hy haar gelaat het, doodstil voor haar op die grond en kyk. Agter haar, tussen die bome uit, kom Kotie stadig aan. Hy loop kruppel en sy regter-baadjiemou hang slap. Annie hoor iets, draai verskrik om . . . sien hom dof, maar herken hom nie*).

ANNIE: Wie is daar?

KOTIE: 'n Rondloper, Juffrou.

ANNIE (*skerp*): 'n Rondloper! En wat maak jy hier in die tuin so laat in die aand?

KOTIE (*beleef*): Neem my tog asseblief nie kwalik nie, Juffrou, dis net nuuskierigheid en die musiek! Ek kom te voet en ek kom ver vandaan. Eenmaal het ek die wêreld hier goed geken . . . en hierdie plaas. Ek het gehoor hier is fees en bruilof en die musiek trek my. Sê my, juffrou . . . wie trou hier vandag?

ANNIE (*verneem iets bekends in sy stem. Druk haar hand op haar hart en tuur na hom in die donker*).
Wie is jy? Sê my!

KOTIE: 'n Oorblyfsel van die oorlog, Juffrou, 'n kruppel . . . 'n nuttelose stuk hout. Maar ek wil u nie lastig val nie . . . goeienaand, Juffrou. (*Hy loop en kom dwars in die lig wat dan op sy gesig straal. Annie herken hom, spring vorentoe en gryp hom aan die arm*).

ANNIE: Kotie . . . Kotie!

KOTIE: O . . . dis Annie!

ANNIE: O, Kotie, ek wag al jare vir jou. Waar was jy so lank?

KOTIE: Ek het ontvlug . . . baie lank in ander lande rondgedwaal . . . hulpeloos sonder geld, maar hoe kon ek terugkom na jou? Jy wou my nie hê nie toe ek nog 'n man was, en nou . . . hoe kan ek so kom! Ek wou maar net eenmaal weer die ou plaas sien en verneem hoe dit met Grieta en jou gaan! Annie, moenie my hou nie . . .

ANNIE (*laat arms sak*): Het jy my dan nie meer lief nie?

KOTIE: Liefde verander nooit nie, Annie. Jy het vir my voorheen gelag omdat ek jou gevra het . . . so baie keer gevra het, maar Annie, vandag kan ek jou nie vra nie, al wil ek. Ek is nou maar 'n halwe mens.

ANNIE (*gryp hom weer aan die arm*): Kotie, jy het my voorheen gevra . . . maar vanaand vra ek jou. Ag, Kotie, bly by my, ek het jou lief.

KOTIE: Lief! (*Draai half weg*). Jy het my lief . . . voorheen Annie, sou ek my hele rykdom gegee het om dit te hoor, maar vanaand breek dit my hart. Annie, hoe kan ek by jou bly? Hoe kan ek ooit 'n vrou onderhou . . . wat is 'n boer op 'n plaas met 'n kruppel been? Wat is 'n man sonder 'n regterarm om vir sy vrou te werk en te sorg? Annie, jy is jonk en mooi – kies iemand wat by jou pas.

ANNIE: ek het klaar gekies . . . die man wat goed en bloed opgeoffer het vir sy volk, dit is die man wat ek trost op is en wat ek wil hê. Kotie, voorheen was ek te hoogmoedig om my gevoelens te laat blyk . . . vanaand skaam ek my nie om te sê nie: Kotie, ek wil jou hê net soos jy is. (*Klem styf aan sy arm vas en kyk smekend in sy gesig*).

KOTIE: Dis donker, jy kan my nie mooi sien nie. Jy het jammer vir my en later sal jy spyt kry.

ANNIE: Drie jaar van bittere lyding en smart, Kotie, het my geleer wat liefde is.

KOTIE: Ag, Annie, ek is arm . . . brandarm. Ek besit geen duit in die wêreld nie en het net 'n linkerarm.

ANNIE: Jou grond is nog daar, Kotie, en ek het twee arms, jonk en sterk en 'n Boerevrou kan regstaan vir alles. (*Lê haar kop op sy bors neer en haar stem klink gebroke*). O, Kotie, moet ek jou dan soebat?

KOTIE (*lê sy linkerarm om haar en trek haar na hom toe*). Annie!

ANNIE: Ja . . .

KOTIE: Gee my eers daardie soen wat jy my van voor die oorlog skuld. (*Hulle soen*).

SKERM VAL

DIE END

Alle woorde in hierdie stuk wat grens aan haatspraak, is verander.



AKDA

Afrikaanse Kontemporêre Drama Argief
(akda.co.za)



tuiste. trots. toekoms.



Die FAK is 'n toekomsgerigte kultuurorganisasie wat 'n tuiste vir die Afrikaanse taal en kultuur bied en ons trotse Afrikanergeskiedenis positief bevorder.

Kontak ons: 012 301 1777 | fak@fak.org.za | www.fak.org.za